# *Verwagting*

Goeienaand, vriende. Dis beslis 'n voorreg om weer terug te wees, vanaand, by Long Beach om hierdie tyd van gemeenskap te hê in die komende weke. En dit was soort van verbasend vir my om te weet dat ek in Long Beach sou bly vir hierdie lang, lang tyd.

2 En ek dink Broer Arganbright, toe hy my geskakel het oor om te kom na die Weskus van Phoenix af, hy gevra het vir een aand in Los Angeles, en een aand hier, en dan wanneer ek uitvind dat ek, of, een aand, ek bedoel een week het by elke plek, verskoon my, en dan vind ek ek het twee weke hier, Sondag tot Sondag, dink ek is dit, of, Dinsdag tot Sondag, tot Sondag. En so, ons verwag nou, om 'n wonderlike tyd te hê. Nou, ons kan net 'n goeie tyd in die Here hê, soos ons Hom almal saam aanbid, ons moet dit doen.

3 En nou, ek het vandag met die pastoor gepraat, en—en hom gevra net watter soort diens, was dit 'n herlewing wat ons verwag het, of sou hy 'n genesingsdiens hê? En hy het gesê: "Net soos die Here sal lei." So dit, net omtrent so goed, as waarvoor ek kon vra, reken ek. Dis wat ons wil hê, ons wil hê waar die Here lei, en dan as die Here die voorrang het, dan sal alles reg wees.

4 En dis, ek dink hierdie is my tweede keer by hierdie tabernakel. Ek dink hierdie is die plek waarnatoe ons gekom het, was dit nie Broer Demos, een aand hieronder, omtrent twee of drie jaar gelede, of iets? En, 'n paar jaar gelede, ja, meneer. En toe was ek eenkeer oorkant by die Munisipale Ouditorium hier toe ons, ek die eerste keer na die Weskus toe gekom het, en so voel ek soort van asof ek deel is van julle uit die staanspoor, nie net omdat ek hier was nie, omdat ek by dieselfde plek was waar julle was om verlossing te kry, by Gólgota. En dis waar ons. . . Die enigste Fontein wat ek ken, is daardie Fontein van Gólgota, waar God Sy seëninge uitgestort het op die menslike ras, en dis waar ek myne ontvang het, onder die Bloed van die Here Jesus.

5 En nou, as die Here wil, wil ek net graag sien hoeveel voor gebid wil word, een aand 'n genesingsdiens te hou. Laat ons kyk of ons ons hande opsteek, oral. Wel, dis 'n mooi groepie vir 'n genesingsdiens, so, vir 'n kerk, in elk geval.

6 En dan, wel, môre-aand, wil julle môre-aand 'n genesingsdiens hê, sou dit goed wees? Goed, ek sal dat die kêrels hier oorkant gebedskaartjies laat uitgee omtrent ses-dertig, so-iets, sodat dit nie sal inmeng met die ander dele van die diens nie. En dan sal ons môre-aand vir die siekes bid, as God wil.

7 En dan sal ons dan sien soos Hy lei, voortgaan, kyk hoeveel. . .Julle weet in 'n klein kerkdiensie soos hierdie, kan ons bid vir al die siekes in een aand. So, om dertien aande hier te wees, dit gaan nogal 'n genesingsdiens wees—wees. So, as die mense inkom, die siekes bly instroom, wel, sal ons aanhou bid vir hulle soos—soos hulle inkom.

8 Nou, miskien hierdie komende week, hierdie volgende week, liewer, as dit die wil van die Here is, ek het pas klaargemaak, voor ek hierdie jaar se toer begin het, by my tabernakel, het ek die reeks van die sewe laaste kerktydperke in Openbaring voltooi. En miskien, as die Here wil, wil ek graag volgende week neem oor die vier perderuiters van Openbaring, en 'n aand wy aan elke perd en elke ruiter, en wat dit verteenwoordig in die tyd waarin ons lewe.

9 Ek dink dit—dit behoort te wees dat ons almal gewaarsku behoort te word van die dinge wat kom. Dis wat die kerk vandag kort, is die waarskuwing om gereed te maak. Ek glo, regtig, die kerk was in 'n beter toestand veertig jaar gelede vir Christus om te kom as wat dit vandag is, veertig jaar.

10 Ek het nou die dag daaroor gepraat by die Westward Ho, by die Volle Evangelie Sakemanne se Konvensie, van hoedat die kerk, in veertig jaar, grond verloor het, net soos dit het in die woestyn, maar dis nou die tyd wanneer die ou vegters dood is, en ons onsself behoort te vergader, en aan die gang te kom vir die Koninkryk van God, en oor te gaan en die volle seëninge in besit te neem.

11 En net soos die Here hierdie week sal lei, sal ons praat oor daardie onderwerpe, om gereed te maak.

12 Nou, 'n prediker kan nie 'n herlewing bring nie, daar's geen prediker wat 'n herlewing kan bring nie, hy dra dit nie saam met hom nie, en die enigste ding wat hy kan doen, is net getrou wees aan God en Sy Woord, en die herlewing moet kom deur die mense, in julle huis, in julle lewe. Nou, *herlewing* is nie om nuwe lidmate by die kerk te voeg nie, dis om te laat herleef wat ons alreeds het, om te laat *herleef* beteken "om terug te bring." So 'n herlewing. . .

13 Ek het gestaan, hier 'n paar jaar gelede, vir my eerste keer by 'n groot watermassa, wat Michiganmeer was, ek was omtrent, was pas georden in die Sending Baptiste Kerk, ek was omtrent twintig of een-en-twintig jaar oud. En ek het soontoe gegaan toe hulle gehad het, hulle het een of ander groot Paasfees sonsopkomsdiens gehad buite op die oewer van die meer.

14 En ek was vertroud met Paul Rader, en hy was veronderstel om by daardie diens te preek, en ek wou die tabernakel besoek terwyl ek in Chicago was. En dit was my eerste keer om daardie groot watermassa te sien.

15 En ek het uitgegaan op Meeroewerrylaan en ek het 'n rukkie daarbuite gestaan, en ek het al daardie golwe opgelet wat op-en-af hop, net—net rondflits, ek het gedink: "Waaroor is dit so opgewonde? Waaroor gaan al die opgewondenheid?"

16 En die golwe sou begin, en dan uitloop, en yslike groot golwe wees, en teen mekaar vasslaan, breek, en die—en die skuim sou opvlieg, en dan sou dit weer inkom, dan het ek weer die groot golwe sien kom, breek op die oewer, soos julle gewoond is hier, maar dit was iets nuuts vir—vir my, 'n—'n—'n landgebonde dienskneg. So, ek het opgelet hoe dit sou . . .

17 En ek het gesê: "Wel, wat dit moet wees, dat die meer 'n herlewing het, dit moet wees wat dit is, dit het 'n lekker tyd, om net op-en-af te spring." Ek het gedink: "Dis—dis goed, dis goed."

18 Maar, julle weet, ek—ek het gedink: "Wel, wonder of dit baie ekstra water kry wanneer dit 'n herlewing het?" Ek het gedink: "Nee, daar is nie een druppel meer daarin nou, as wat dit net totaal kalm was nie, glad nie. Dis dieselfde water, maar het net 'n herlewing, wat op-en-af spring." Ek het gedink: "Wel, wat help dit?"

19 Het uitgevind, wanneer dit herlewing het, en op-en-af spring soos daardie, spoel dit al die gemors daarin op die oewer uit. So dis wat die Kerk nodig het, is 'n herlewing, al die wêreld en dinge van die wêreld uitgespoel kry, sodat Dit skoon kan lyk, weer mooi kan wees. Wanneer dit alles kalmeer, het dit dieselfde hoeveelheid water.

20 Maar wat die see dit laat doen, is omdat daar 'n wind kom, wat begin waai teen die golwe, blaas teen die watermassa, dit laat optel. Wel, dis wat die Kerk vanaand nodig het, is een of ander Geweldige Rukwind wat weer Daarop afkom, en Dit laat herleef, en al die wêreld uitkry, en die dinge van die wêreld uit, en op daardie manier dan begin dit 'n herlewing. En dan wanneer dit bedaar, is die Kerk dan heeltemal gereed, om dan te begin om geestelike gawes en seëninge van God te ontvang, en dis wat ons wil hê.

21 Ek glo nie dat die herlewing waarna ons uitsien wat moet kom, kom op die manier wat ons soek nie, dit kom altyd teenstrydig met wat ons soek, Christus het anders gekom, Johannes die Doper.

22 Wel, as enigiemand sou gedink het . . . Ek veronderstel as sommige van die uitleêrs van die Skrif in Johannes se dag sou gesê het: "Die stem van een wat roep in die woestyn, berei die weg van die Here, maak sy paaie gelyk," Ek veronderstel party van hulle het gedink dat God die gange uit die Hemel sou glip, en 'n Engele-begeleiding laat afkom op die grond, en een of ander groot, waardige profeet uit die Heerlikheid aangestap sou kom.

23 En dit sou so groot wees, dat al die lae plekke hoog gemaak sou word, en al die hoë plekke laag afgebring word, en die berge

sou spring soos klein rammetjies, en al die blare hulle hande sou klap. Wat 'n gebeurtenis moes dit wees! Waarna die mense moes uitgesien het om te sien in daardie tye!

24 Maar wat het dit gebeur? 'n Ou harige prediker met 'n skaapvel om hom gedraai, wat waarskynlik nooit elke drie of vier maande 'n bad geneem het nie, wat uit die woestyn geloop gekom het, wat staan in modder tot by sy knieë, en skree: "Bekeer, want die Koninkryk van die Hemel is op hande!" Dis toe die hoë plekke laag gemaak is, en die lae plekke hoog gemaak is.

25 Wat die mens *groot* noem, noem God *dwaas*. En wat die mens *dwaas* noem, noem God *groot*. So wat ons moet doen, is om terug te gaan na die program van God en uit te vind, per slot van sake, wat God wil hê ons moet doen, en die enigste manier wat ek weet om dit te doen, is gebed; gebed is die sleutel, dis die antwoord, gebed verander sake.

26 Gebed is die magtigste wapen wat ooit in die—die beheer van mense geplaas is, daar's geen atoombom, of geen waterstofbom so kragtig soos gebed nie. Gebed sal die gedagte van God verander. Het julle dit geweet? Dit het dit eenkeer gedoen.

27 'n Profeet is na die koning toe gestuur in die kamer, en het gesê: "Gaan soontoe en sê vir hom, SO SPREEK DIE HERE, hy kom nie van die bed af nie, hy gaan sterf net waar hy is." En Jesaja het opgegaan en vir Hiskia dit vertel.

28 En ek kan my voorstel al die—die beroemdes by die poort, die kleinboere buite by die buitenste howe, toe hulle ingegaan, gesê het: "O, profeet van God, wat sal van ons koning word?"

"SO SPREEK DIE HERE, hy gaan sterf."

Uitgegaan na die soldate: "O, groot profeet, wat sê die Here van ons koning?"

29 "SO SPREEK DIE HERE, hy gaan sterf." En dit was reg, die Here het dit vir hom gesê. Gaan af, gaan in sy hutjie in iewers, agter in die wildernis.

30 En Hiskía het sy gesig na die muur gedraai en bitterlik geween, en gesê: "Here God, ek smeek U om my te oorweeg, ek wandel voor U met 'n volmaakte hart. Ek het vyftien jaar langer nodig om my koninkryk in orde te kry."

31 En, julle weet, lyk asof as God enigiets sou wou sê, Hy hom sou gesê het terwyl hy met Hom gepraat het, maar God het maniere om dinge te doen. Jy moet God se weë volg en God se manier om dinge te doen. Solank ons probeer om self in te kom, dan sal dit nie werk nie. En ons kan net nie mekaar volg nie, ons moet individueel voor God lewe.

32 Nou, die grootste man in die land, natuurlik, was die koning; die grootste Persoon in die Hemel was God. Daar was die grootste man op aarde, wat gepraat het met die grootste Man in die Hemel, die grootste in die Hemel, en tog kon die groot magte van

die Hemel nie terugpraat met die koning nie, want hy was nie bedoel om dit te wees nie, hy was net 'n koning. En toe het Hy met Jesaja gepraat, dit was Sy profeet, en gesê: "Gaan sê vir hom dat Ek sy gebede gehoor het, en Ek gaan hom daardie vyftien jaar spaar."

33 Nou, hoe dink julle moes daardie profeet verleë gewees het om reguit terug te kom, "Waarom kom jy terug, Profeet?"

34 "SO SPREEK DIE HERE, hy gaan lewe." En het pas by die poort uitgegaan en gesê: "SO SPREEK DIE HERE, hy gaan sterf." Kom terug: "SO SPREEK DIE HERE, hy gaan lewe. SO SPREEK DIE HERE, hy gaan lewe." Hoekom? Wat het dit verander? Gebed, dis die geheim.

35 Gebed maak die deur oop, gebed. "Wat julle ook al gelowig in gebed met geloof vra, julle sal dit ontvang. Vra in oorvloed dat julle vreugde volkome kan wees."

36 Laat ons God vra, vanaand, om net niks terug te hou nie, maar die kragte van die Hemel uit te stort, as Hy ons moet skud en ons breek, en na die Pottebakker se huis toe laat gaan, en weer hervorm word, as dit is wat dit kos, is dit wat ek wil hê. En ek dink dis wat elke opregte gelowige wil hê, maak nie saak wat dit kos nie.

37 Nou, laat ons dit in gedagte hou soos die diens voortgaan: "ek gee nie om, Here, wat dit kos nie, maar ek wil hê U moet my laat herleef. As dit iets is wat ek doen, iets wat ek nie behoort te doen nie, iets wat ek moes gedoen het, breek my net en maak my weer oor sodat ek U sal gehoorsaam." Met daardie doel in die hart, sal God net so seker op die toneel kom, as wat ek agter hierdie preekstoel staan. Dis reg.

38 Nou, hierdie is die eerste keer wat ek kan onthou in al die geskiedenis van my dienste, dat ek ooit by 'n plek gekom het om 'n herlewing te hou, nie 'n genesingsdiens nie. En ek is net bly dat hierdie so beplan is. Ek het gedink dat dit miskien sou wees, ons sou opgaan na Los Angeles, en hier 'n paar aande, en daarbo, en soos daardie, maar dit het op 'n manier uitgewerk, of beplan in God se groot ekonomie dat ek hier sou wees, veronderstel ek, vir hierdie twee weke in 'n kerk, wat 'n herlewing hou, so miskien is dit hoe God dit wil hê, so ons sal dit net aan Hom oorlaat. Hy's die Baas, is Hy nie?

Hoeveel het Hom lief? O, julle is, o, dis goed, dan lyk dit asof almal gelowiges is, wat goed is.

39 Wel, laat ons—laat ons vanaand praat, en ons harte voorberei vir die genesingsdiens môre-aand. Dan op—op Donderdagaand, sal ons reguit begin met die evangelistiese tekste, ensovoorts, as die Here wil. En bid dat God ons in so 'n herlewing sal hê teen Sondag, die heerlikheid van God oral rondom ons sal reën, en God onder ons sal beweeg met groot wonders en tekens, en

honderde wat die Heilige Gees ontvang, en—en net oral heen gaan.

40 Nou, ons—ons bedoel nie nou om te sê. . .'n Ware groot herlewing, dit kry nie opskrifte, en sulke dinge nie. Nee, nee. Daar's een ding wat Jesus Christus in Sy lewe kortgekom het, ek haat dit om dit te sê, maar Hy het, Jesus het een ding kortgekom, 'n moderne afwysery, Hy was nie 'n afwyser nie, nee. Hy. . . hulle. . . Almal, vandag, moet yslike groot opskrifte hê, en spog met wat hulle doen, dis 'n grootprater. Dis reg. Dis nie 'n dienskneg van God nie, 'n dienskneg van God sal nederig wees, homself terughou.

41 En wanneer die herlewing kom, kyk wat altyd gekom het, toe dit gekom het in die dae van Jesus, net in die minderheid, net 'n paar mense. Kyk wat het Johannes daar op die oewer gehad, net 'n paar mense wat vergader, van die streke daarrond, om na hom te luister. Omtrent nege-en-negentig persent van hulle het sy Boodskap verwerp en weggestap, tog was dit 'n groot herlewing, en 'n skuddingstyd.

42 God skud goed, en mense besef nie dit word gedoen nie. Sien, God skud Sy Kerk, die herlewing is vir Sy Kerk. Ek glo die Kerk word nou uitgeroep, maar die ding om te laat herleef, is om weer daardie Kerk te laat herleef en in Sy plek in te skud.

43 Iemand het gesê: "Waarom lol jy met 'n klomp Pinksters, holy-rollers, ensovoorts?" Wel, dis waarnatoe ek gestuur is, ek's een van hulle. So hulle—hulle sê: "Waarom doen jy nie, doen jy nie hierdie tekens nie, waarom gaan jy nie na die groot plekke, die hoë plekke toe, ensovoorts nie?"

44 As julle oplet, dis presies dieselfde ding wat vir ons Here gesê is. Sy broers het selfs vir Hom gesê: "Waarom kom jy nie op voor Kajafas, of sommige van die—die groot plekke en wys jouself nie? As jy is, hierdie Kêrel is, hierdie Christus, laat hulle weet wie jy is."

45 Hy het gesê: "Julle dag is altyd." Hy het nie saam met hulle gegaan nie, maar Sy uur moes nog kom; Hy was nie afwyser nie. En ek dink dis wat die probleem is met die kerk vandag, dit het te veel vertoon in plaas van genoeg Christus. Sien? Ons wil Christus hê, geen vertoon nie, Christus, wil ons harte kondisioneer. En wanneer ons by daardie plek kom, sal julle uitvind dat God net dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, Hy faal nie.

Nou laat ons ons hoof buig, net 'n oomblik, en die Outeur nader, voor ons Sy Woord benader.

46 Ons Hemelse Vader, ons is inderdaad 'n bevoorregte volk, vanaand, om hier vergader te wees in 'n vry volk, waar ons God kan aanbid volgens ons eie voorskrifte van ons gewete. Ons is so bly hiervoor, en vir 'n oop deur, nog, in ons land, in die wete dat dit nou nie te lank sal wees, tot hierdie geleenthede van ons weggeneem sal word nie. En, Here, dit sal 'n groot ding wees

wanneer dit is, want dan sal die liefde van God ons dwing, tot ons harte bymekaar sal kom.

47 Ek bid, Vader, vir hierdie komende diens, vir Long Beach, en vir hierdie kerk, saamgeroep deur God, en waar God se kinders saam vergader. En die kerk is die mense waaruit die liggaam bestaan.

48 En ons bid, God, vir hierdie pastoor, ek bid dat U hom sal seën, Here. En deur sy arms oop te gooi, en sy hart, vir ’n herlewing om te begin, mag hulle gebede nie tevergeefs wees nie, maar mag U ons hierdie week antwoord met ’n wye herlewing wat oral op-en-af met hierdie Weskus sal vlamvat, Here.

49 En die mense van God besef dat soos dit was in die tyd van Eségiël, die bene gegaan het na die bene en die vel daaraan, en hulle het opgestaan, maar tog moes aan hulle geprofeteer word, om lewe in hulle te laat inkom.

50 En Hemelse Vader, ons mag organiseer, en die kerke vergader, en—en ons hande vat, en been na been gaan, maar tog kos dit die profesie van ’n rukwind om weer lewe vir ons terug te bring. Vader, ons bid dat daar nie net ’n—’n uitgerekte diens sal wees nie, maar ’n herlewing wat waarlik elke hart, elke huis, elke kerk, elke lidmaat sal skud, totdat die Heilige Gees elke lewe sal oorheers.

51 Daaruit, Here, werkers sal uitgaan op die straathoeke en paaie, met geen skaamte op hulle gesig nie, maar soos dapper soldate wat skyn, gesigte soos Stefanus s’n het, toe, soos ’n huis wat brand in ’n sterk wind, hulle hom nie kon stop nie, die Sanhédrinhof hom ook nie kon stop nie, maar hy het uitgeroep na hulle: “Hardnekkiges, onbesnede van hart en ore!”

52 Selfs die dood self het nie sy Boodskap gestop nie, Dit het op Saulus van Tarsus gekom, hom nooit verlaat totdat, God, U hom aan die brand laat slaan en hom laat uitgaan, en apostel geword het vir die Heidense tydperk nie.

53 Daardie een man, toe hy sterwend was, wat op sy knieë gekniel, en gesê het: “Ek sien Jesus staan aan die regterhand van God,” daardie *kyk* op hom!

54 God, ons bid dat U die Heilige Gees sal stuur in so ’n oortuigingskrag wat daardie kyk van vasberadenheid sal plaas op elke hart en op elke gesig wat in hierdie kerk vergader is. Skenk dit, Here, dat daar ’n sielsondersoektyd mag wees, want ons besef dat ons in ’n laat uur lewe, later as wat ons dink. U het gesê U sou kom in die uur wat julle nie dink nie, so dit mag op enige tyd wees.

55 Ek bid, Vader, dat U my sal help, ’n paar oomblikke gelede gepraat, deur te sê die vier perderuiters, Goddelike genesing, wat dit ook al mag val, Here, ons maak net ons harte oop vir U, kom U, werk met ons, Here, net soos ons behoefte het. Kap

die hele wêreld van ons af, Here, neem U skerp, tweesnydende Swaard, die Woord, en onderskei die gedagtes van ons harte en verstand, en bring tot ons herinnering waar ons kortkom. En mag ons nie ophou bid, totdat ons ons gebede sien beantwoord word nie. Skenk dit, Vader.

56 Besny my lippe, besny die harte van die mense, dat ek kan spreek en hulle die Woord van die Here kan hoor. Ons vra dit tot eer van God, in die Naam van Sy Seun, Jesus Christus. Amen.

57 Ek bid die Here Jesus, dat die herlewing sal wees van hierdie tyd af aan, dat almal, wat honger en dors. Nou, maak net gereed, elke persoon, moenie wag op die buurman nie, dit is niks van die buurman nie, onsself. Kom ons vas, kom ons bid, roep uit na God, klim op die telefoon, bel iemand, kry hulle hier, lei ons kinders na gebed, kry ons familiegroepe bymekaar, maak net ons harte oop, en sê: "Here, hier is ons."

58 Nou, met gereedmaak vir die diens môre-aand vir genesingsdiens dan, sal die kêrels hier wees met die gebedskaartjies omtrent ses-dertig, julle wat gebedskaartjies wil hê, kom. En laat die siek mense opstaan om my, hierbo, baie van julle was in die dienste, en julle weet hoe dit werk.

59 Ek sou. . .Dis beter vir iemand wat hier sit met geloof wat glo, wat voor sit, as daaragter, want partymaal wanneer ek hulle daaragter sien, ek. . .daar's soveel tussen dit, terwyl dit, waar die *kanale*, ek dit noem, of—of, strale van geloof wat van die mense af kom, dis verwarrend, egter, dit gaan regoor die skares, en duisende maal duisende mense, maar ek sal liewer die siek mense hierbo kry voor, rondom waar ek is.

60 Nou, vanaand, wil ek praat oor 'n onderwerp, eerstens, wil ek vir julle 'n vers uit die Skrif lees, gevind word in Lukas die 2de hoofstuk, 26ste vers:

> *En daar was 'n man in Jerusalem, met die naam van Símeon; . . .dieselfde man was regverdig en vroom, en het gewag op die vertroosting van Israel, en die Heilige Gees was op hom.*
>
> *En dit is aan hom geopenbaar deur die Heilige Gees, dat hy die dood nie* sou *sien* voordat *hy die Christus van die Here gesien het nie.*

61 Nou, wil ek die onderwerp van *Verwagting* neem. Nou, voor jy verwagting kan hê, moet daar geloof wees om daardie verwagting te vergesel. En daar's net twee elemente in die wêreld wat die wêreld beheer, vanaand, dis vrees en geloof. Rusland probeer almal kry om hulle te vrees, en ons probeer almal kry om geloof in God te hê, nou, dis die verskil. Daardie twee elemente wat alle nasies beheer, alle mense beheer, alle kerke beheer, individue beheer, is vrees of geloof.

62 Nou, vrees het geen waarde nie, hoegenaamd niks nie, is totaal eindeloos, dit het nie, dit het nie een goeie ding daaraan nie. As ek geskiet sou word in die oggend, geskiet sou word, wat sou dit help om vrees te hê? Wat sou dit my help?

Jy sê: "Wel, wat sal geloof jou baat?"

63 Geloof kon my verlos, maar vrees sal my niks help nie. Jy raak net opgewerk, en meer senuweeagtig as ooit wanneer dit tyd word vir die geweer om te vuur. So, laat ons geloof hê. Geloof kan my verlos, maar as dit nie, wat sal vrees help, in elk geval? Bly net reg by geloof, en hou vas daaraan. Neem God se belofte en bly by God.

64 En nou, soos ons die Woord begin lees en die Woord leer, sal ek nooit buite die Woord gaan vir enigiets nie, en onthou, dat jy dit in God moet glo: dat God Sy Woord hou. Hy sal dit doen, as Hy dit nie doen nie, is Hy nie God nie. Hy's, God is oneindig, en wanneer enigiets oneindig is, is dit, wel, daar's geen manier om te verduidelik wat oneindig is nie.

65 Maar ons is eindig, daarom kan ons enigiets sê, en die volgende dag, of 'n uur later, of vyf minute, sal ons dit moet verander, en sê: "O, ek was verkeerd." Maar God kan dit nie doen as Hy oneindig is nie. Want Hy maak Sy—Hy maak Sy—Sy—Sy belofte, en Hy kan nooit daarop teruggaan nie. Sy belofte is altyd die beste, Sy besluit is altyd volmaak. En as dit volmaak is, kan dit nooit *meer* volmaak wees nie, so dit moet altyd reg wees. Nou, daarom as julle geloof het . . .

66 Ek het gepraat met 'n—'n dokter 'n tyd gelede oor een van sy pasiënte wat genees is, hy het gesê: "Wel, Billy," hy's 'n vriend van my, hy het gesê: "daar's—daar's glad geen twyfel nie," gesê: "goeiste, die kanker was daar." Gesê: "Ek het op die man geopereer, en kon dit nie kry nie, dit was in sy keel." En hy het gesê, en hy was die dokter se swaer, en hy het gesê: "Dis absoluut weg."

67 En party van die mense het na die man wat die motel bestuur het toe gegaan, terwyl ons die diens gehou het, hy het almal daarvan vertel, en hoe daardie geloof dit gedoen het, hy het gesê: "Ja, Billy, ek glo dit." Gesê: "Nou, om geloof te hê," gesê: "nou, ek glo as hy sou uitgaan en aan 'n boom geraak en gesê het hy het geloof gehad in . . . "

Ek het gesê: "Nee, dit sal nie werk nie."

Hy het gesê: "As hy geloof gehad het."

Ek het gesê: "Hy het geen grond vir geloof nie."

68 Om 'n boom aan te raak met geloof, dis bygeloof, jy moet 'n grond vir geloof hê. "En geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord van God." Nou, voor . . . As jy dit net neem soos enige koerantberig, of iets, wel, jy kan nie geloof daarin hê nie, hulle sal foute maak omdat hulle menslik is, maar hierdie Bybel

kan nie ’n fout maak nie, Dit moet volmaak wees, want Dis die Woord van God.

69 En God is niks beter as Sy Woord nie, of jy is niks beter as jou woord nie, ek is niks beter as my woord nie. So, daarom wanneer die Bybel enigiets sê, onthou, dis vir altyd afgehandel.

70 En as God ooit op die toneel geroep word om ’n besluit te neem oor ’n sekere ding, en die besluit wat Hy gemaak het wanneer Hy weer op die toneel geroep word vir dieselfde ding, moet Sy besluit dieselfde bly. Hy kan dit nie vir een verander nie, sê: “Wel, Ek het *dit* vir hierdie een gedoen, en, maar Ek sal *dit* nie vir hierdie een doen nie.” Nou, as Hy dit doen, dan het Hy die verkeerde besluit geneem toe Hy dit die eerste keer gemaak het. So, Hy het Sy Woord so gemaak dat “As julle kan glo . . . ”

71 Toe hy, ’n man Hom om vergifnis gevra het vir sy sondes, en God het daardie man vir sy sondes vergewe, as jy kom, of wie ook al wil kom op daardie selfde basis om nederig om vergifnis te vra, gebaseer op geloof, is God verplig om dieselfde ding te doen wat Hy vir daardie man die eerste keer gedoen het.

72 En as ’n man ooit siek is en God aanroep, en as God ooit een persoon genees, ooit een persoon genees het, en dieselfde gronde wat Hy daardie man gebring het vir sy genesing, as Hy ooit weer aangeroep word, moet Hy by dieselfde besluit bly. As Hy nie het nie, het Hy ’n fout gemaak, en dan as Hy ’n fout gemaak het, is Hy nie oneindig nie, en as Hy—as Hy nie oneindig is nie, dan is Hy nie God nie.

73 Sien, jy moet reguit terugkom om te weet hierdie Woord is die waarheid. Nou, dis presies wat my my vrymoedigheid in Christus gee, want ek glo daardie Woord is waarheid. Dit kan net nie faal nie, Dit kan net so min faal as God, want Dit is God, “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon.”

74 Hebreërs 4 sê vir ons dat die Woord van God kragtig is, skerper as enige tweesnydende swaard, wat na beide kante sny tot die skeiding en die murg van die been, en selfs ’n Onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart. Toe Jesus na die gehoor gekyk en hulle gedagte onderskei het, wat was dit? Hy was die Woord, “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.” Wel, hulle moes dit geweet het, dat Hy die Woord van God was wat gemanifesteer is. Nou, daardie selfde gesproke Woord van God, die Heilige Gees, kan enige belofte van God manifesteer, as julle dit net sal glo.

75 Nou, verwagtinge, dit moet gebou word op iets wat ’n geloof agter dit het, want as jy iets verwag, is omdat iets belowe is of een of ander manier soos daardie. So as julle ware verwagtinge wil hê, moet dit gebou word op SO SPREEK DIE HERE.

Kyk na Noag, dit was . . . partykeer het God jou gevra om dinge te doen wat belaglik is vir jou eie menslike denke.

76 Nou, onthou, as julle in hierdie herlewing probeer ingaan om iets te probeer uitredeneer, kan julle net sowel uitgaan om mee te begin, want julle kan dit nie doen nie. Onthou, God ken nie die mens met, of die mens ken God nie, liewer, met sy kop nie, hy ken Hom met sy hart. In die tuin van Eden, is 'n mens verdeel tussen God en Satan; Satan het sy kop geneem, God het sy hart geneem.

77 Met sy intellektuele, probeer hy dinge uitredeneer, maar met geloof in sy hart, deur God, sal hom dinge laat glo wat die denke nie eens sal bevestig nie: "Want dit is die vaste vertroue van die dinge waarop gehoop word, die bewys van die dinge wat ons nie sien nie." Sien, dis hy moet God se Woord glo. O, broer, as jy dit net goed kan vestig en in jou hart kan insink, sou dit elke duiwel laat opspring en vlug, net nou. Sien? Om te weet! Dit—dit doen dit.

78 Nou, ek—ek—ek weet waarvan ek praat, ek het gehad, hierdie is een-en-dertig jaar in die bediening vir my, en ek—ek weet waarvan ek praat. En ek het nog nooit, opreg, in my hele lewe, ooit vir God enigiets gevra, met hierdie Bybel oop, dat Hy dit nie vir my gegee het, of vir my gesê het waarom Hy dit nie kon doen nie. En dis reg. Want daar is partymaal wat Hy dit nie vir my kan gee nie, want ek dink ek wil dit hê, en Hy weet van beter, maar Hy het altyd gekom en vir my gesê hoekom. En so ek—ek weet dis waar. So, God hou Sy Woord, jy kan net daarop staatmaak.

79 Nou, toe Noag deur God gevra is om 'n ark te bou, waarom hy beweeg het met vrees, in die wete. . . Kan julle julle voorstel wat die kritici gesê het? Noag het verwag dit sou reën, want God het gesê dit gaan reën. Nou, dit het nog nooit op die aarde gereën nie, kan julle julle voorstel dat die kritici sê: "O, kyk, arme, ou kêrel is soort van bietjie van sy kop af." Maar hy het gesê. . . "Waar is daardie reën Noag? Sê my waar dit is, ek sien niks daarvan daarbo nie, daar—daar's geen reën van daarbo af nie, was nog nooit, sal nooit wees nie."

80 Maar Noag het gesê: "God het so gesê, dit handel dit af. As God so gesê het, kan Hy reën daarbo skep as Hy wou." So, hy het verwag dit sou reën, so hy het voorbereidings getref vir die reën.

81 O, ek hou daarvan. O, tref voorbereidings solank julle God se Woord hoor, tref dan voorbereidings daarvoor om te gebeur, en wag met verwagting. O, dit laat my begin godsdienstig voel om mee te begin. Sien? Om te dink dat God so gesê het, dan te maak, dit te verwag.

82 Nou, as God 'n herlewing hier belowe het, ons dit gaan hê, laat ons gereedmaak daarvoor. As God belowe het om te genees, laat ons gereedmaak daarvoor. Jesus het gesê: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook," kom ons maak gereed daarvoor, beweeg alles uit, maak gereed. Ons is net betyds. So net. . .

Nou, dit sal dwaas wees. Nou, julle sê: "Wel, hoe gaan dit gebeur in 'n dag soos hierdie, en wanneer al hierdie...?"

83 Ek gee nie om wat enigiets teenstrydig daarmee is nie, dis—dis verkeerd. Ons kan dit nie sien nie, ek sien geen hoop daarvoor nie, lyk dit, maar as God so gesê het, laat ons dit in elk geval doen, want God het so gesê. Dit sal in elk geval gebeur, ek—ek verwag dit.

84 Ek glo Jesus kom. Wetenskap bewys hulle kan 'n bietjie stuifmeel van *een of ander iets* neem, en 'n bietjie slym, en iets daarin sit, ensovoorts soos hierdie, en hulle kan amper menslike lewe maak, sê hulle. O, hulle is so slim hulle kan, het 'n sputnik bo in die lug, en 'n menslike hart wat daarin klop, dit pla my glad nie.

85 Hulle sê: "O, een van hierdie dae sal julle uitvind al die godsdiens waarvan julle praat, is kranksinnig."

86 Nee, ek sal nie, Jesus sal hier wees, ons sal 'n Millennium hê, ons sal Huis toe gaan na die Heerlikheid, ek verwag dit, so ek berei voor daarvoor, ek wag daarvoor, elke dag gereed. "Wanneer sal Hy kom?" Ek weet nie, maar as Hy nie vandag hier is nie, sal ek môre uitkyk. Ek verwag dit, net omdat Hy so gesê het, en ek lewe daagliks onder daardie verwagtinge. Dis reg. Ons moet verwagting hê, sekerlik.

87 Noag, uh, Abraham, wel, toe hy die Woord van God gehoor het, en hy afgekom het in die land van Chaldéa in die stad van Ur, afgekom van Sinear, miskien, uit miskien 'n heidense familie daarbo vir al wat ek weet, maar eendag, sê hy was 'n boer buite op die plaas, en God het met hom gepraat, hy was vyf-en-sewentig jaar oud, sy vrou was vyf-en-sestig, en Hy het gesê: "Abraham, jy gaan 'n baba kry by jou vrou, Sara," wel, hy het uitgegaan en al die reëlings getref. Hoekom? Hy het dit verwag. Hy het verwag dat die baba kom, enige tyd.

"Sal dit die volgende agt-en-twintig dae wees, sal jy daarvan weet?"

"Ek weet nie. As dit nie is nie, miskien die volgende agt-en-twintig."

88 Die eerste keer, stel ek my voor, het hy vir Sara gesê: "Hoe voel jy, Skat?" nadat die eerste maand verby was.

"Geen verskil nie."

89 "Dank God, ons sal dit in elk geval kry. Gaan voort en maak die kousies, en kry die baadjie gereed, kry al die voëloogmateriaal en die spelde, want ons gaan dit kry. Dis reg. Ek verwag dit. Dis reg. Sit hulle in jou hoopkis, maak gereed, want dit kom."

'n Jaar het verbygegaan: "Enige verskil, Skat?"

"Glad nie."

"Ons gaan dit in elk geval kry. Ek verwag dit."

90 God het gesê: "Sonder jouself af van jou familie." Dis wat jy baiekeer moet doen, jouself afsonder van 'n klomp ongeloof. En onthou, totdat Abraham God ten volle gehoorsaam het, het die seëning nooit gekom nie, totdat hy God ten volle gehoorsaam het nie. Hy het sy pappa saamgeneem, en hy het probleme veroorsaak, en toe het Lot uiteindelik probleme veroorsaak, en 'n veewagter, en toe, sodra hy geskei was van alles, soos God... hy heeltemal gehoorsaam was, toe hy tot volle gehoorsaamheid gekom het, toe het God die seëning gebring.

91 Nou, die Pinksterkerk het 'n—'n besoek in die Beloofde Land verwag vir al die herstel van die gawes en dinge. Maar sodra dit begin praat het in tale en uitgelê het, toe het hulle begin organiseer, verskillende organisasies te maak, hulleself te skei, en sulke dinge, julle veg al vir veertig jaar, julle sal net aanhou veg solank julle dit doen.

92 Maar wanneer julle julleself vergader, soos hulle het op die Dag van Pinkster, bymekaar kom, verwag dan dat God iets sal doen. "As die volk oor wie My Naam uitgeroep is, hulle sal vergader en bid, dan sal Ek uit die Hemel hoor." Nou, as ons dit sal doen, kan ons iets verwag, totdat ons dit doen, kan ons dit net sowel nie verwag nie, want dit kom nie. Ons moet God ten volle gehoorsaam.

93 Julle moet by 'n plek kom waar die—die Gemeentes van God, en die Kerk van God, en die Vierkant Kerk van God, en die Eenheid, en Tweeheid, en Drieheid, en Vyfheid, en al daardie ander ou *isme'tjies* waarin jy afgedwaal het, jou verskille sal vergeet, en bymekaar kom en bid, dan sal Ek verwag om iets uit die Hemel te hoor.

Julle... O, hulle sê "Wel, hulle sal *hierdie* doen."

94 Wel, nou die dag het 'n sekere organisasie, toe ek in Beaumont, Texas was, want ek het op die platvorm gesit, van (Een kerk het my geborg.) omtrent twee-en-veertig kerke, en hulle was almal goeie mense, en die distrikspresbiter het my gebel, en gesê: "Ek trek 'n lyn, van hier af, Mnr. Branham, ek trek jou uit, jy het 'n man gehad wat op die platvorm gesit het wat verkeerd gedoop is."

95 Wel, ek het gesê: "Ek gaan iets anders as dit doen, ek gaan 'n ander lyn trek, jou insluit. Jy my uitsit met een, gaan ek nog een trek, jou weer insit." Dis reg.

96 So dis wat dit is, ons tente oopsprei, ver oop, elke broer kry, ja, meneer, dis wat ons moet doen. En dan wanneer ons dit doen, kan ons verwag dat God sal antwoord, maar totdat ons dit doen, sal Hy nie antwoord nie, want ons moet onsself skei van die dinge van die wêreld.

97 En solank as wat die Pinksterkerk die dinge van die wêreld bly begeer, en *dit*, *dat*, en die *ander* een, en, o, julle kan maar net sowel opgee. Totdat julle weer terugkom by die ware Evangelie, terugkom na God se Woord, terugkom na SO SPREEK DIE HERE, sal ons nooit vooruitgaan voor ons dit doen nie, voor ons God nie ten volle gehoorsaam nie. Ja, meneer.

98 Toe Abraham God ten volle gehoorsaam het, toe het hy geweet dat toe hy dit ten volle gedoen het, toe het drie Engele dadelik gekom, en die geboorte van die baba aangekondig, en hy het gekom. Maar Abraham het nooit opgegee nie, dit net bly verwag, dit bly verwag, en uiteindelik het hy homself heeltemal in die wil van die Here gekry, en toe het dit gebeur, maar totdat hy dit doen, sal dit net nie gebeur nie.

99 Moses, dit laat mense snaaks optree wanneer hulle—wanneer hulle partymaal van God hoor. Moses was 'n groot teoloog, hy is geleer in al die wysheid van die Egiptenare, wel, sekerlik, daar was niks wat Moses nie geweet het nie.

100 Nou, wonder of veertig jaar daar agter in die woestyn, en die skape opgepas het, wat as hy gedink het: "Ek glo ek sal teruggaan na Egipte en—en my, o, miskien my wiskunde 'n bietjie opskerp," wel, hy het soveel geweet dat hy die leermeesters kon leer, hy het nie enige geleerdheid nodig gehad nie, hy het nie nodig gehad dat enigiets vir hom geleer word nie, want hy het dit alles geweet, maar hy was 'n mislukking met alles wat hy geweet het.

101 Nou, ek glo in Bybelskole, ek glo ons behoort dit te doen, ons behoort Bybelskole te hê. My seun het pas uit Waxahachie gekom, ek het 'n dogter wat gereedmaak om daar in te gaan, Waxahachie Gemeente van God Skool, in Waxahachie, Texas. Ek glo daarin, maar, broer, wanneer ons by onderrig kom in die, ons skole en kweekskool, net die regte manier om te praat, ensovoorts, en alles, geleerdheid, sovoorts, wat ons nodig het, vandag, in kweekskole en alles, is 'n terugkeer na God, terugkeer na God; nie ons opvoedkundige programme nie, maar ons verlossingsprogram.

"Gaan julle in die hele wêreld in, en maak kweekskole"?

Nee, meneer.

"Gaan julle, in die hele wêreld, bou kerke"?

Nee, meneer. Hulle is goed.

"Gaan, en bou hospitale"?

102 Nee, meneer, dis nie wat Kerk opdrag gegee is om te doen nie, kerke wat hospitale bou, kerke wat skole bou, kerke wat geboue bou, maar hier was die opdrag: "Gaan julle in die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie."

103 Wat is die Evangelie? Nie net die Woord alleen nie, het Paulus gesê, maar die manifestasie van die Woord, "Die Evangelie het na ons toe gekom nie in Woord alleen nie, maar deur krag, en

demonstrasies van die Heilige Gees." Met ander woorde: "Gaan julle in die hele wêreld in, en demonstreer die krag van die opstanding. Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Om net die Woord te leer, sal dit nie doen nie, jy moet die krag van die Heilige Gees agter daardie Woord hê om Dit weer te laat Lewe. Amen. Dit sal Lewendig word.

Julle sê: "O, Broer Branham, dit was tweeduisend jaar gelede."

104 Goed, kritikus, ek wil jou stilmaak, net nou. Sien? Hier nie lank gelede nie, soos julle in die *Life* tydskrif kyk, hulle het in die groot skure van Egipte ingegaan en van daardie koring uitgehaal wat Josef daarin gesit het, het dit in die grond geplant, en dit het gegroei. Hulle het 'n (Wat was dit?) 'n sonneblomsaad, of iets, vierduisend jaar gelede, uit die—uit die ou Koning Tut se graf, 'n sonneblomsaad gekry, en dit geplant, en God het daardie lewe bewaar. Absoluut.

105 "Al vernietig die velwurms hierdie liggaam, tog sal ek in my vlees God sien." God se Woord sal nooit vernietig word nie. God se Woord, as jy Dit sal plant in die regte soort toestande op God se Woord, sal Dit dieselfde ding doen wat Dit aan die begin gedoen het. Dis reg, dis korrek.

106 'n Tyd gelede het ek onder in Kentucky gesit, eekhorings gejag. Wel, ek—ek, dis wat ek doen om te ontspan, ek—ek jag, skiet teikens en dinge, lol met gewere, dis net 'n stokperdjie. En ek het 'n klein Model 75 Winchester geweer gehad, op vyftig treë, het ek op die baan gestaan en nege reguit matspykers daarmee ingeskiet, regdeur die papier.

107 En toe, voor jy jou kom kry, wanneer ek na die eekhorinkie sou skiet, sou ek vier hoeke van sy oog moes sien. As hy na my kyk, sou ek nie na hom skiet nie, as hy sy rug gedraai gehad het, sou ek nie na hom skiet nie, hy moes reg sit. Dertig jaarts, sou ek hom los, twintig jaarts, hy moes vyftig jaarts wees. Dis net omdat ek genoeg gekry het op daardie manier.

108 Eendag het daardie geweertjie uitgegaan, en ek kon dit net glad nie ingestel kry nie, ek het dit herbed, en ek het alles gedoen wat ek kon doen, en vasgemaak, los. Net vyf-duisendstes van 'n vibrasie *hier* sal dit 'n halfduim op 'n honderd jaarts plaas. So, julle sien, jy. . . Dit het een of ander deel wat stram is, 'n ander los, jy moet dit *reg* hê.

109 So ek het dit teruggestuur na die Winchester Maatskappy, en ek het nou die brief by die huis, hulle het gesê: "Eerwaarde Branham, daar's niks verkeerd met daardie geweer nie." Gesê: "Daardie geweer sal 'n duim groepeer op vyf-en-twintig jaarts, en 'n Model 75 sal nie beter groepeer nie." Gesê: "Dis nie veronderstel om 'n teikengeweer te wees nie." Gesê: "Dit het net een beenskroef wat dit aanmekaar hou, daarom moet jy 'n vibrasie daaruit kry."

110 Nou, dit was die man wat die geweer vervaardig en gemaak het, die Winchester Maatskappy, die bewyse, die man wat sy leeftyd spandeer het, en ingenieurs, om die geweer te maak, hulle het gesê: “Dit sal nie beter as een duim op vyf-en-twintig treë groepeer nie.” En ek het op vyftig treë spykers ingeskiet daarmee.

111 Nou, ek het eendag onder die boom gaan sit, en net gehuil. Daar’s Broer Wood en ’n paar vriende van my daarbo wat eekhorings skiet, ek het nie omgegee waar hulle hom getref het nie, net geskiet, en oral waar dit hom getref het, is goed, vir my, ek gedink het ek sak af op sy wang, hom ’n bietjie agter die ore tref, of iets, dit nie reg sou wees nie, dit moes die oog tref, dit was nie reg nie.

112 En ek het gedink: “Wel nou, dit maak geen verskil wat die Winchester Maatskappy sê nie, ek weet dat dit dit sal doen, want ek het dit dit sien doen.”

113 En ek het daar gesit een oggend onder ’n ou, krom boompie, aan die huil, het—het so senuweeagtig geraak dat ek begin huil het, ek het gesê: “Here, hier is ek weg van die dienste, hierbuite in die woude om te probeer ontspan. En ou klein senuweeagtige dingetjie soos ek, waarom het U my ooit probeer uitstuur in die diens, in elk geval? Ek’s ’n mislukking om mee te begin, en waarom het U ooit ’n persoon soos ek gestuur? Lyk asof U ’n man sou kry wat ’n *man* was, iemand wat standvastig en stil was.” En ek het net daar bly sit en huil, en met die Here gepraat, albei hande op, en die trane wat teen my wange afloop.

114 Ek het ’n Stem gehoor, daardie Lig in die bos, en Hy het gesê: “Ek het jou vir, so gemaak vir ’n doel. Nou, julle weet, dat daardie . . . jy kan nie tevrede wees tot daardie geweer, maak nie saak wat enigiemand sê nie, jy weet dit skiet die spyker in, sien, op vyftig treë.” En toe het Hy gesê: “Dis waarom Ek jou so gemaak het, want dit maak geen verskil wat enigiemand sê nie.” Sien?

115 “Die dae van wonderwerke is verby. Daar’s glad nie so-iets soos die doop van die Heilige Gees nie.”

116 Luister, daar is, want ek weet dit is so. Daardie apostels het daardie selfde Heilige Gees geneem, hulle het visioene gesien, hulle—hulle het die dooies opgewek, hulle het die siekes genees, hulle het groot wonderwerke gedoen, en tekens, en wonders. En as ons dit net ingestel sal kry, jy kan nie sê nie: “O, daardie dag . . . Daardie kerk sê *hierdie*. En my kerk was die oudste, en *hierdie* was *daardie*,” dit maak nie sin vir my nie, dis as hulle dit die spyker laat inskiet het, sal dit dit weer inskiet.

117 As hulle ’n wêreldskuddende herlewing laat plaasvind het met die krag, en die beloftes van God, sal ons dieselfde ding doen as ons die belofte sal aanvaar, en verwag dit sal gebeur. Maar jy moet dit glo, jy kan dit net nie halfpad glo nie.

118 En weet julle wat? Toe ek opgestaan het onder daardie boom nadat Hy met my gepraat het, en daar uitgestap en nooit daardie geweer eenkeer aangeraak nie, en *hier* sit die seun saam met wie ons herlaai, daardie geweer het die heeltyd daardie spykers op vyftig treë ingeskiet sedertdien, dis reg, dit nooit aangeraak nie. Sien, Hy het iets vir my probeer doen, om my te wys hoe om myself te gedra in moeilike tye en dinge wat hulle sê: "O, Broer Branham . . ."

119 'n Kêrel het vir my gesê nie lank gelede nie, gesê: "As jy sou kom en by ons organisasie aansluit, sal ons *so-en-so* maak, as jy net sal toegee op 'n paar . . ."

120 Ek het gesê: "Toegee? Toegee?" Ek het gesê: "Ek is verbaas dat 'n man van God, soos wat jy is, met 'n doktorsgraad, 'n dienskneg van God sou vra om toe te gee op die Woord van God." Ek het gesê: "Dit is nie in my bloed nie." Nee, meneer, ek sal reg Daarby bly.

121 Ek glo in die Heilige Gees en die krag van die Heilige Gees. Ek glo dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. En ek is onder verwagting dat Hy 'n Kerk sal oprig om Hom te gaan ontmoet met dieselfde krag wat Dit in die begin gehad het. Sekerlik, as ons dit sal verwag, geloof in God sal hê, en glo Hy gaan dit doen. Verwagtinge.

122 Moses, met al sy teologie, hy het nooit êrens gekom nie, hy was daarbuite, 'n lafaard, wat agter die berge hardloop, in die woestyn besig om sy skoonpa se skape op te pas, maar eendag het hy God ontmoet, en toe het hy 'n ondervinding met God gekry, en hy sou afgaan na Egipte om Egipte oor te neem.

123 Nou, dit mag baie dwaas lyk vir 'n ou man met, tagtig jaar oud, en die wangbaarde wat ver onder afhang soos *hierdie*, en sy, waarskynlik, sy bleskop wat rooi blink in die son, en die baard wat oraloor hom is, en 'n krom stok in sy hand gehad het, en sy vrou wat op 'n muil sit, en 'n klein kindjie wat op haar heup sit, op pad soontoe.

Gesê: "Waarheen gaan jy Moses?"

"Ek gaan af na Egipte om oor te neem, gaan die volk inneem."

124 Julle weet, wanneer jy God op Sy belofte neem, laat dit jou dwaas optree vir die dinge van die wêreld. Nou, 'n een- man inval, wat afgaan om 'n volk in te neem so groot soos Rusland vandag is. Sekerlik, afgegaan, en die ding, hy—hy het dit oorgeneem, hy het dit gedoen.

125 Hy het een man daar onder doodgemaak en in die moeilikheid beland, het teruggegaan, die hele volk doodgemaak en hy is daardeur verheerlik. Sien? Dis reg. Hy was 'n moordenaar omdat hy een doodgemaak het, en—en toe 'n heilige vir die neem van die hele klomp. Maar eenkeer het hy afgegaan

met verwagtinge om te weet dat God by Sy Woord gestaan het. Amen. Hy het dit verwag.

"Hoe gaan jy dit doen, Moses?"

"Ek weet nie, maar ek's. . . Ek weet Hy gaan dit doen. God het so gesê, dit het dit, dis al."

"Gaan jy twee-en-'n-halfmiljoen mense hiernatoe bring in hierdie woestyn en hulle voed? Hoe gaan jy hulle voed?"

"Ek weet nie, ek verwag dat God iets daaraan sal doen." Hy het, dis al. Hy het iets verwag.

126 Die probleem daarvan, ons gaan kerk toe en sing die lied, en die pastoor praat van die rose en die blomme, en ons gaan terug huis toe. O, goeiste! Dis waarom ons nêrens kom nie. Dis wat die probleem is met ons Pinksterkerke. Dis. . . Ek—ek het nie hiernatoe gekom om julle op die rug te klop nie, ek het hiernatoe gekom, om julle die waarheid te vertel. Sien?

127 O, die Pinksterkerk het op 'n bou amok gegaan, dit het op 'n denominasionele amok gegaan, dit het oral heen gegaan, en gekap en verdeel, en onttrek, en afgeskei, en verdeel. En o, dit gaan hê. . . "*Hierdie* een gaan die grootste wees." En: "*Daardie* gaan die grootste wees." Solank julle dit doen, sal julle nooit, nêrens heen gaan nie, onthou, ek sê vir julle in die Naam van die Here.

128 Maar wanneer julle bymekaar sal kom, o, goeiste, dis reg, wanneer julle God ten volle gehoorsaam, "Hieraan sal alle mense weet julle is My dissipels, wanneer julle liefde vir mekaar het." Wanneer jy deel van die teologie uitkry en 'n bietjie liefde daarin kry, sal dit werke doen, en wonders, en—en wonderwerke, maar ons moet dit hê. Vir wie? Vir almal.

129 "O, vir daardie ou klomp Gemeentes van God, of daardie ou klomp Kerke van God, of ou Eenheid, of Drieheid, of Vyfheid, of wat hulle ook al het? Ek hulle liefhê? Ek kon hulle nie liefhê nie, hulle is antichris." Jy's self verlore, broer, wanneer jy dit dink, dis reg, jy's nie reg met God nie.

130 As jy nie 'n hand kan uitsteek na die bitterste vyand wat jy het, en probeer om hom vir Christus te wen nie, dan is die Gees van Christus nie in jou nie. "Want Hy het na Sy Eie toe gekom, en Sy Eie het Hom nie ontvang nie," tog het Hy Sy lewe vir Sy vyand gegee, Hy het. Hoe waar is dit!

131 En daardie Gees van God in jou laat jou dieselfde voel oor almal. Wanneer jy by 'n punt kom. . . Nou, jy kan dit net nie naboots nie, die duiwel weet of jy naboots of nie.

132 Ek kan daardie epileptiese kind daarbuite eendag sien, en Jesus wat hulle tien dae tevore mag gegee het om duiwels uit te dryf, en—en die dooies op te wek, en die siekes te genees, en allerhande soorte wonderwerke te doen. Hulle het baie goed aangegaan, teruggekom, en gesê: "Selfs die duiwels is

onderworpe aan ons," 'n lekker tyd gehad. Paar dae daarna, hier was hulle almal verslae.

133 Hulle het 'n man daaronder ontmoet, julle weet, wat nie gedoen het nie, wat nie by hulle gemeenskap wou aansluit nie, so hulle het hom verbied om selfs duiwels uit te dryf. Sien die bitterheid wat inkom? Sien? "O, ons verbied hom, nie, hy wou nie by ons gemeente aansluit nie, so ons het vir hom gesê, om dit nie te doen nie."

134 Jesus het gesê: "Julle moet dit nie doen nie, geen mens kan 'n wonderwerk doen in My Naam, kan ligtelik van My praat nie. En hulle is nie teen My . . . dié wat vir My is, is nie teen My nie."

135 So ons vind toe uit, met daardie soort houding, hulle 'n epileptiese seun daaronder gehad het, net oor hom gehuil, en gebid, en voete gestamp het, en—en ek kan my voorstel een van hulle wat naderkom, en sê: "Hier's hoe ek dit gedoen het daar oorkant, julle broers staan terug, julle almal weet nie hoe om dit te doen nie, hier is hoe jy dit doen." Grootprater, julle weet: "Halleluja! Glorie aan God!" Skud hom, gooi 'n bietjie olie op hom, skud hom weer. "Dis hoe ek dit gedoen het." Uh-huh. Maar dit het nie daardie keer gewerk nie, dis wat die probleem vandag is, dis wat . . . dit werk nie so goed nie. Sien?

136 Maar naderhand, het Iemand stil afgestap gekom. O, die vader het na Hom toe gehardloop en gesê: "Here, wees my kind genadig. Hy's erg van 'n duiwel besete."

137 En toe Jesus die bose gees uit hom uitgedryf het, toe het die dissipels gekom, en gesê: "Hoekom kon ons dit nie doen nie? Wat was fout met ons?"

138 Hy het nooit gesê: "Ek het My krag teruggevat" nie. Hy het gesê: "Dis as gevolg van julle ongeloof om die krag te laat werk wat Ek julle gegee het om mee te werk." Dis wat die probleem is met die kerk vandag, dit het nagelaat, dit het . . . dit—dit verwag niks, dit sit net daar, verlep en dood. Wat ons nodig het, is om verwagtinge te hê.

139 Simeon, hierdie ou groot gelowige van God, hy was 'n man met 'n groot reputasie.

140 O, vandag moet hulle sê: "Maar wag 'n bietjie, meneer, ek's 'n sakeman. Ek's 'n dokter. Ek's—ek's 'n professor." Jy's niks beter as enigiemand anders nie. En wanneer jy ook al dink jy's beter as iemand anders, dan is jy niks wat jy behoort te wees nie, sê die Skrif. Sien?

141 Wanneer jy by 'n plek kom . . . Jy moet . . . Hoe kan julle geloof hê wanneer julle vereer wil word, deur mekaar? Sien? Julle moet mekaar hoër ag, altyd, dis die lewe van Christus, om julle broer, suster hoër te ag. En as hulle verkeerd is, is dit alles reg, julle sal hulle nooit beter maak deur hulle rond te skop nie, sit 'n arm om, tel hom op.

142 Ek hou van hierdie outydse godsdiens, ek sê julle wat dit sal doen, dit sal—dit sal 'n tuxedo-pak langs 'n oorpak laat sit, en 'n arm om mekaar sit, en mekaar *broer* noem, dis reg; dit sal 'n katoen en 'n syrok mekaar *suster* laat noem. Dit sal beslis. Dis geweerloop reguit, en hemelblou, en dit—dit sal dit beslis doen.

143 Nou, maar Simeon was 'n man met 'n groot reputasie, hy was 'n ou wysgeër, omtrent tagtig jaar oud. Nou, hy het rondgegaan en vir almal vertel: "Ek gaan nie sterf voordat ek die Here se Christus sien nie." Nou, die Bybel het gesê . . . Wat het Simeon dit laat doen? Omdat die Heilige Gees op hom was, dis die verskil, die Heilige Gees was op hom.

144 Nou, ek stel my voor die groot denominasie waaraan hy behoort het, het gesê: "O, die arme ou kêrel, hy het een voet in die graf, en die ander een wat vinnig gly. Los hom net uit, sal nie lank wees voor dit verby sal wees nie. Hy gaan binnekort sterf, so laat hom net homself geniet, voortgaan. Hy het—hy het 'n klein, soort van 'n klein illusietjie, so, 'n ietsie verkeerd, julle weet."

145 Maar Simeon het dit steeds geglo, hy het nie omgegee vir sy reputasie nie, hy het almal laat weet. Hy het verwag om Hom te sien. Hy het gesê, hy "gaan nie die dood sien, totdat ek die Here se Christus gesien het nie."

146 Ek kan party van die groot rabbi's hoor opstaan, julle weet, die jong kêrels, julle weet, wat al die geken het, die Ph.D. en LL.D.'s en al die ander *D*'s, ensovoorts, en alles gebottel gehad het in hulle, julle weet, en—en hulle sê: "Wel, die arme, ou kêrel, hy was 'n goeie, ou priester in sy dae, maar, o, los hom net uit, hy's 'n bietjie van sy kop af."

147 Maar hy het rondgegaan en dit vertel, hy het nie omgegee vir sy reputasie as 'n wysgeër nie, waarvan hy gepraat het, hy—hy het die Heilige Gees op hom gehad, hy het gesê: "Die Heilige Gees het aan my geopenbaar." Sien, hy het verwag om dit te sien. Gesê: "Ja, ek het alles gereed, wanneer ek Hom sien, weet ek net wat ek gaan doen. Ja, meneer. Het alles gereed, want ek verwag om Hom te sien." Hoekom? Die Heilige Gees het so gesê.

148 Nou, daar's geen twee Heilige Geeste nie, daar net een Heilige Gees, dis reg, net een Heilige Gees. En daardie selfde Heilige Gees wat Simeon gelei het om te glo dat hy nie sou sterf voordat hy die Here se Christus gesien het nie, daardie selfde Heilige Gees sê vir my: "Iets gaan gebeur." Amen. Ek glo dit net.

149 En Dit sê dieselfde ding vir julle. Laat ons dit verwag, kom ons maak gereed daarvoor, maak gereed. Soos om 'n reis te onderneem, alles ingepak te kry, nee, hierdie—hierdie soort reis, pak jy alles uit, het nou te veel ingepak, is die probleem daarvan, ons moet aflaai. So, hierdie reis laai jy af. Jy moet reg in die middel van die pad kom.

150 Een van die dierbare broers, Broer, ek sou sê DeWeese, dink ek, nee, nie, dis Oral Roberts. O, hy's die staatssuperintendent

van die Gemeentes van God in Indiana, ek vergeet nou wat sy naam is. In elk geval, Broer Weed, Roy Weed, ek reken julle ken hom almal. Broer Weed, het eendag. . .

151 My neef, Broer Vibbert, het een van die grootste Pinkster Gemeente van God kerke in die ooste in Evansville, Indiana, hy het hele stadsblokke wat net in die kerk ingeneem is, diens. So, hulle het gehad, ek glo dit is die Vyfhonderd Kamer genoem. Oorkant die straat is daar 'n motorhawe, so Broer Vibbert het dit net gekoop, en sy broer, in kompetisie in Indianapolis, wat *hoeveel* duisend in Sondagskool kan hê. So, hy het 'n mansskool daar oorkant gehad waarin hy net Sondagoggend onderrig het, vyfhonderd in die klas.

152 So ek was veronderstel om daardie oggend in die mansklas te praat. Ek het agter Broer Roy gesit, en Broer Roy het gesê: "Jy weet, ek het 'n man hoor sê," en dit was ek: "dat die—die middel van die pad die plek is, gesê: 'Die middel van die pad. . .'" Ek glo dit.

153 God het in Jesaja 35 gesê: "Daar sal 'n grootpad wees." Baie van julle dierbare Nasaréners het altyd gesing: "'n Grootpad van heiligheid." Nee: "Daar sal 'n grootpad wees en" *en* is 'n voegwoord, dit verbind jou sin: "en 'n weg, en dit sal genoem word *Die heilige weg*," nie *die grootpad van heiligheid* nie, die *weg*. Regte pad is gebou sodat die water vuilgoed na die een of die ander kant toe kan afspoel. So, jy sal óf baie koud en styf wees, óf 'n fanatikus op die. . .Maar die weg is reg in die middel van die pad, reg na Gólgota, reg op die pad.

154 So Broer Weed het opgestaan, en gesê: "'n Man, dit is nie goeie bestuursetiek nie," hy het gesê: "as 'n man in die middel van die pad gery het, sou hy doodgemaak word." Gesê: "Dis nie goeie bestuursetiek nie."

155 Hy het nie geweet ek het agter hom gesit nie. Ek het aan sy skouer geraak, ek het gesê: "Dis reg, Broer, jy's net so aardsgebonde, jy's. . ." Ek het gesê: "Hierdie pad, kom jy nie weer terug nie, dis net eenrigting verkeer wat in *daardie* rigting gaan."

156 En so, hy is—hy is 'n liewe broer, net so gaaf as wat jy ooit kan dink. O, goeiste, hulle—maak hulle nie beter as Roy Weed nie. Maar dit was net so oulik, julle weet, hy het gesê: "Nou, as jy in die middel van die pad ry word jy raakgery."

157 Ek het gesê: "Broer Weed, ons sal nie raakgery word nie, ons gaan een, reguit pad, net reg, ons kom glad nie terug nie." 'n Eenrigtingkaartjie, dan is ek bly ek het dit, en julle? 'n Eenrigtingkaartjie.

158 Wat die Heilige Gees openbaar deur Sy Woord, ek glo dit is die waarheid, en ons bly reg daarby. So, Simeon was 'n man van groot reputasie onder die mense, maar hy was nie skaam nie. Party van ons maak aanspraak om die Heilige Gees te hê, ons

kry ’n openbaring van God dat ons moet ophou om die dinge te doen wat ons doen, “Maar tog as ek dit doen, ek—ek is saam met die Joneses hier oorkant, wat sal hulle van my dink?”

159 Party van julle vroue het julle hare afgeknip, julle weet, omdat Susie dit gedoen het, “Wel, as ek my hare sou laat groei, sou hulle my outyds noem.” Um-hum. Maar die Heilige Gees sê vir jou jy moet dit doen, die Bybel het so gesê. Nou, as enigiets iets anders as dit sê, moet julle dit nie glo nie, dis ’n leuen, want God het gesê dit was so. Sien? En al hierdie ander goed wat ons in die Pinksterkerk ingesit het omdat die Baptiste dit gedoen het, omdat die Presbiteriane dit doen: “En hulle sal dink ek’s ’n outydse fanatikus.”

160 Ons Pinkstervroue te sien rokke aantrek wat lyk asof hulle gespan is, ’n vrou het nou die dag vir my gesê, gesê: “Maar Broer Branham,” het sy gesê: “wel, hulle maak nie enigiets anders as dit nie.” Maar hulle het naaimasjiene en materiaal, so daar’s geen verskoning nie.

161 Jesus het gesê: “As jy. . .” Hmm! Jesus het gesê: “As jy dit doen, sal jy skuldig wees op die Oordeelsdag vir owerspel pleeg.” Die Bybel het gesê: “Wie ook al na ’n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds owerspel met haar gepleeg in sy hart.”

162 En jy so aantrek, en ’n sondaar na jou kyk, gaan hy antwoord op die Oordeelsdag, en gaan jy antwoord omdat jy jouself so aan hom vertoon het, so jy gaan skuldig wees aan owerspel pleeg, of jy nou die daad gepleeg het of nie, want, gesê: “Wie ook al kyk,” en jy jouself vertoon, sal ’n sondaar dit werklik doen. O, Pinksterkerk, kom terug na God! Kom terug.

163 O, wat het gebeur vanaf Azusastraat tot hierdie tyd? Azusastraat, was dit ’n skande om ’n sangboek in die—in die kerk te hê toe Pinkster die eerste keer begin het. Hulle het gesing in die Gees, alles was in die Gees. Nou dis soos David duPlessis gesê het: “Ons het te veel Pinksterkleinkinders.” God het glad nie enige kleinseuns nie, Hy het net seuns en dogters.

164 Julle het julle kinders in die kerk ingebring, net omdat julle Pinkster was, het die kinders ingekom, en die wiegierol geneem, en opgekom en aanspraak gemaak op Pinkster, en weet niks van die ondervinding wat vroue gereinig het, en mans gereinig het, en kerke gereinig het nie. Ek beter ook stil bly, of. . .Maar dis die waarheid. Ons moet weer terugkom na daardie ondervinding. Goed. Ek verwag dat Hy iets sal doen voor Hy kom, en ek—ek glo ek sal dit sien. Goed.

165 Maar dit is aan hom geopenbaar, dis waarom hy op die Woord kon staan, hy het gesê: “Die Heilige Gees het aan my geopenbaar dat ek nie gaan sterf nie, ek weet ek’s ’n ou man, maar ek gaan nie sterf voor ek die Here se Christus gesien het nie.” Wat Dawid Daarna gesoek het, en Moses Daarna gesoek het, en sedert die

tuin van Eden, vierduisend jaar, het hulle Daarna gesoek, maar hy het gesê: “Ek gaan Dit sien.” Amen. “Ek gaan Dit sien.”

“Hoe weet jy jy gaan Dit sien?”

“Ek het ’n goeie rede: Die Heilige Gees het dit aan my geopenbaar.” O, goeiste!

166 Openbaar Hy aan jou daarbuite op die bed vanaand, broer, Hy (of daarbuite op daardie stoele) gaan jou gesond maak? As Hy dit doen, gaan jy dit kry, dis al. Openbaar Hy aan jou, sondaar, dat jy die Heilige Gees gaan ontvang? Jy gaan Dit kry as Hy dit openbaar. Julle wat hartprobleme het, kanker, gewas, wat dit ook al is, aan julle geopenbaar dat julle genees gaan word? Julle gaan dit kry, volg net die leiding.

167 “Seuns van God word gelei deur die Gees van God,” nie gelei deur een of ander fanatici, of sekere organisasies, of *so-iets* nie, hulle word gelei deur die Gees van God. Die Heilige Gees is aan die Kerk gegee om die Opsiener te wees, die Leermeester wat die kinders van God moes grootmaak, nie ons biskoppe, en kardinale, ensovoorts nie, maar die Heilige Gees.

168 Ek verwag die Heilige Gees, nie denominasie, nie ’n biskop, nie ’n Katolieke priester, nie ’n Baptiste prediker, of ’n Pinksterprediker nie, ek verwag dat die Heilige Gees sal afkom en ’n Kerk in orde kry wat sal gaan om Hom te ontmoet, gevul met die krag en die opstanding van Christus. Ek verwag dit, ek glo dit. God het dit belowe, dat daar ’n Kerk daar sou wees sonder vlek of rimpel Daarop. Ek verwag dit, want God het gesê dit was so.

169 Iemand het vir my gesê: “Broer Branham, is jy nie bang jy sal ’n fout maak een aand daarbo, met daardie onderskeiding nie?”

Nee, meneer. Hy het vir my gesê Hy sal by my staan, ek verwag Hy sal dit doen. Dis presies reg.

“Is jy nie bang sommige van daardie profesieë sal verkeerd wees nie?”

170 As ek bang was, sou ek dit ophou sê as ek nie was, vertroue gehad het in die Een wat met my praat nie, maar ek verwag dit sal so wees. Hy het gesê Hy sou dit doen, en ek is, dit het nog nooit gefaal nie, en dit sal nooit, want ek verwag Hy sal Sy Woord hou, geopenbaar deur die Heilige Gees. “Seuns van God, gelei deur die Gees van God.”

Nou, laat ons ’n dramatjie neem voor ons afsluit.

171 Gaan julle ’n groot genesingsdiens verwag môre-aand? Gaan verwag dat die Here Sy seëninge môre-aand gaan uitstort? Sekerlik, laat ons dit verwag, onder verwagting wees. O, ek verwag dat die kerk aan die brand sal wees, die heerlikheid van die Here wat oral val, en sondaars rondom die altaar, en mense wat gered word, en gevul word met die Heilige Gees, en net ’n groot ding.

172 My antisipasies en verwagtinge is baie hoog opgebou. Ek het gelei gevoel om te kom, na Kalifornië, en Hy gaan iets vir iemand doen, dis die een ding wat seker is. Ek verwag dit sal gebeur, want ek voel gelei om dit te doen. Ek voel gelei om te sê wat ek sê, ek voel gelei om die dinge te doen wat ek doen, of ek sou dit nie doen nie. Ek wil Daardeur gelei word, en dan verwag ek dat iets sal gebeur.

173 Nou, kom ons sê dis Maandagoggend, daar is omtrent twee-en-'n-half miljoen mense in Israel op hierdie tyd, hulle is onder die Romeinse regering. En ou Simeon kom in, sy plig was, miskien, om iets by die kerk te doen, en na 'n rukkie hier staan hy daaragter, en hy kry die Boekrol, en hy sit oorkant in sy studeerkamer, die ou kêrel het nog nie uitgegaan nie.

174 Hy's oud, baie oud, en hy het daar gestaan, 'n Boekrol opgetel, en daardie oggend, kom ons sê hy het Jesaja gekry, hy het gelees onder in Jesaja 9:6: "Vir ons is 'n Kind gebore," (O!) "vir ons is 'n Seun gegee, Sy Naam sal genoem word Raadsman, Sterke God, Vredevors, Ewige Vader."

175 "O, van Wie het die profeet gepraat? Dis daardie Messias wat gaan kom, dis die Een wat die Heilige Gees aan my geopenbaar het wat ek sou sien."

176 Nou, hulle het nie televisies gehad, dank God, in daardie dag nie, so, die allerhande soorte propaganda, nuus, en koerante, en berigte, hulle het dit nie gehad nie. Jesus was alreeds gebore. So, agt dae later. . .Ek reken in twee-en-'n-half miljoen mense, sou daar honderde moeders daar wees in die oggend, dat hulle manlike kinders besny kon word.

177 Wel, hoe mammas alleen, julle weet hoe hulle hulle kleintjies liefhet, hulle het hulle op hulle ken getik, geen tande nie. Ek hou net daarvan om 'n babatjie te sien sonder tande, julle weet, net ou tandvleisies wat blink. En ek kan my die moeders voorstel wat met hulle babatjies staan, met mooi, klein naaldwerkkombersies, en hulle op die wange *streel* soos *daardie*.

178 En 'n klein maagd het aangestap gekom met 'n Baba toegedraai in die doeke. En daar word vir my gesê, volgens die geskiedenis, dat die doeke van ons Here geneem is van die rug van 'n juk van 'n os, wat in die stal gehang het. Het met hierdie juk geploeg, hiermee, en hulle het dit oopgevou, en die Baba daarin toegedraai.

179 En ek kan my voorstel om daardie sosiale meisies te sien, party van Hollywood se bestes, wat daar loop, julle weet, wat in die kerk staan, name op die boek, o, goeiste, hulle is gewilde lidmate, met hulle geparfumeerde klein babatjies, en, julle weet, en die naaldwerk, en die klein kousies, en alles gereed, julle weet, wat net naderstap.

180 En hoe die priester sou weet hulle was groot betalers op die bord en, julle weet, "Ja, Mevrou *So-en-so*, jou man is Doktor

*So-en-so*," soos daardie, julle weet. Hoe hulle daardie eer sou ontvang, o, goeiste, baie trots daarop.

181 En hierdie meisietjie loop in met 'n Baba toegedraai in die doeke wat kom van 'n rug van 'n juk van 'n os af.

182 En ek hoor party van hulle sê: "*Shh!* Julle het die skinderpraatjies gehoor, het julle? Julle het nie die skinderpraatjies gehoor nie? Daardie meisie het daardie baba by Josef gehad, sonder om met hom getroud te wees. *Hmm!* O, dis verskriklik, o, dis . . . Jy—jy . . . Dis verskriklik! Sien? O, dit—dit—dis—dis 'n skande! En sy sê dis 'n maagdelike gebore."

183 Sy het nie daaraan gesteur nie, sy het haar klein Skatjie in haar arm vasgehou, sy het in haar hart geweet aan Wie daardie Baba behoort het, sy het geweet Dit was God se Seun. Maak nie saak hoeveel gelag, en gesê het: "Moenie—moenie met haar meng nie, die mense jou sien assosieer met haar, dan sal hulle vir jou as een van hulle klassifiseer."

184 Dis hoe dit vandag is. Ek's bevrees dis wat die probleem word met ons Pinksterkerke, julle wil nie meer een van hulle wees nie, julle wil nie daardie outydse ondervinding van die doop van die Heilige Gees, en die Vuur en krag van God hê nie. Sê . . . [Leë kol op band—Red.] . . . outyds, ook. Dis presies reg.

185 Nou, sy het aangestap, in haar hart het sy geweet aan Wie daardie Baba behoort het, laat hulle sê wat hulle wil, sy het geweet aan Wie die Baba behoort het. En so weet julle waar daardie ondervinding vandaan kom, daardie Baba, Christus, wat in julle hart gebore is, julle is nie skaam vir die Evangelie van Jesus Christus nie.

186 Paulus het gesê: "Ek is nie skaam vir die Evangelie van Jesus Christus nie, want dis die krag van God tot redding." Ek hou daarvan, ja, meneer.

187 Toe hy gestaan en praat het met Festus daardie dag, of Felix, dink ek was dit, het hy gesê—het hy gesê: "Jy oortuig my amper om 'n Christen te word."

188 En Paulus het vir hom gesê, gesê: "Op die manier wat kettery genoem word," dis *mal*, *kranksinnig*, "dis hoe ek die God van ons Vaders aanbid." Ek is bly om hande te vat met hom vanaand, is julle nie, Pinkstermense? Is julle nie bly, vanaand, om te sê: "Ek's een van hulle" nie?

Was altyd 'n klein Pinksterliedjie wat ons sou sing:

> Hulle was vergader in die bo-vertrek,
> Almal in gebed daar in Sy Naam,
> Gedoop met die Heilige Gees,
> En krag vir diens het gekom;
> Wat Hy vir hulle gedoen het daardie dag
> Sal Hy dieselfde vir jou doen,
> Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Is julle nie bly daaroor nie? O, so bly dat ek een van hulle is.

189 Sy het met daardie Baba geloop, en almal van hulle wat sê: "Moenie nou naby haar kom nie. Ag, sy's 'n holy-roller," of—of julle weet, so-iets. Kyk net. . .Miskien het ek toe die verkeerde ding gesê, maar ek hoop ek het nie.

190 So, sy het geweet daardie Baba, sy het geweet aan Wie Dit behoort het, sy het geweet Dit was God se Seun, maak nie saak watter skande dit was nie. En julle weet dat as julle ooit die Heilige Gees ontvang het, julle weet dat dit God se ondervinding vir julle is, julle weet waar julle vandaan kom, julle die put ken waaruit julle gehaal is, julle weet wat julle gered het, julle weet wat julle anders gemaak het.

191 En sy het aangegaan: "Dis alles reg wat hulle sê, ek sal my nie steur nie, ek sal net na Jou kyk, Liefling."

192 O, as die Pinksterkerk net so verlief kan raak op Christus: "Here, ek sal na U kyk, Liefling. Jy's God se Liefling. Voor die honde gewerp. Ek sal myself maak. . .Ek sal my gedra soos 'n ware Christen, ek sal wandel in die Lig van die kruis, met 'n arm van liefde en soetheid uitgesteek."

193 "Ja, ek weet aan Wie Jy behoort, Skat, Jy is 'n Geskenk wat vir my gegee is deur God."

194 En voor jy jou kom kry, ou Simeon wat oorkant in die kamer sit, Jesaja 9:6, en die Heilige Gees. . .

195 Nou, kyk, as die Heilige Gees jou iets belowe het, en jy het dit verwag, is dit die plig van die Heilige Gees, om toe te sien dat jy daarnatoe gelei word. Hoeveel het 'n herlewing verwag? Goed. Nou, miskien is dit die tyd wat Hy jou daarnatoe gelei het. As daar 'n herlewing kom, sal Hy jou reguit inbring. Hoeveel het genesing verwag? Sekerlik, goed, dan hier is jy reg by die fontein.

196 Kyk, die. . .Dawid het gesê: "Wanneer die diepte roep na die diepte." As daar 'n diep uitroep aan die binnekant is, moet daar iewers 'n diepte wees om op daardie diepte te reageer. Sien wat ek bedoel? Voor daar, hier, julle is mense, woon langs die see, voor daar 'n vin op 'n vis se rug was, moes daar eers 'n water wees vir hom om in te swem, of hy sou nooit 'n vin gehad het nie. Voor daar 'n boom was om in die aarde te groei, moes daar eers 'n aarde wees, of daar sou geen boom wees om daarin te groei nie.

197 Soos ek dikwels hierdie stelling gemaak het, ek het 'n artikel gelees, die koerant 'n tyd gelede, dat 'n klein seuntjie by die skool aangehou het om die uitveërs van sy potlood af te eet, en hulle het huis toe gegaan, en sy moeder gevra wat die probleem was met hierdie kêreltjie. En eendag het sy hom buite gekry waar hy die pedaal van 'n fiets af eet.

198 So, sy het hom onder na die laboratorium toe geneem, of kliniek, liewer, om sy—sy bloed te laat toets, ensovoorts. So, toe hulle die kêreltjie nagegaan het, het hulle uitgevind dat hy swael

nodig gehad het, sy klein liggaampie het gesmag na swael, so daar is swael in rubber. So, nou kyk, voor daar 'n begeerte vir swael kon wees, moes daar 'n swael wees, eers, om te reageer op daardie begeerte. Met ander woorde, voor daar 'n skepping is, moet daar 'n Skepper wees om die skepping te skep. Sien wat ek bedoel?

199 Nou, as jy dors na meer van God. . . Hoeveel wil graag meer van God hê? Wel, dit wys jou daar's meer van God vir jou om te kry. Dis reg. Wil jy genees word? Wel, net so seker as wat jy glo dat God 'n Geneser is, is daar 'n Fontein oop iewers, of jy sou nooit daardie begeerte hê nie. As jy smag om die Heilige Gees te hê, wys dit daar's 'n Fontein oop iewers, gevul met die Heilige Gees. Sien, daar moet 'n Skepper wees om die skepping te skep, en dan moet daar iets daarbuite wees om te reageer op daardie skepping.

200 Nou, die Heilige Gees was toe verplig, om hom na daardie Fontein toe te lei. Amen. O, as jy dit verwag, lei dieselfde Heilige Gees jou na daardie Fontein, Dit moet iewers oopmaak. As jy daardie brandende begeerte in jou hart het, is die Heilige Gees verplig om jou Daarheen te lei, reg na daardie Fontein toe, gevul met Bloed, getrek uit Emmanuel se are, waar sondaars, dis ongelowiges, onder die vloed dompel, al hulle ongeloof verloor. Dis reg.

201 O, jy wil by 'n plek wees waar jy enige twyfel in jou gemoed kan stil maak. Wil julle nie so wees nie? Wel, daar's 'n Fontein, iewers, om dit te doen. Jy soek Daarna, soek Daarna.

202 Nou, dan op daardie tyd, as jy daarna gesoek het, daarvan getuig het, dit verwag omdat dit 'n belofte was, en elke belofte in die Boek behoort aan jou, so jy het daarna gesoek, dan as dit naby aan hom was, was dit die Heilige Gees se plig om hom te lei na daardie plek na waar Christus was. Dis die Heilige Gees se plig.

203 Nou, as jy in genesing glo, is dit die Heilige Gees se plig om jou reg tot by die Fontein te lei. Nou, jy hoef nie in te kom nie, maar Hy sal dit oplei, jou wys. As jy die Heilige Gees soek, dan sal die Heilige Gees jou lei reg tot by die plek waar jy die Heilige Gees kan ontvang, as jy Hom jou net laat lei.

204 Ek kan die Heilige Gees hoor in die kamer daardie oggend vir Simeon, sê: "Staan op!"

"Waarheen wil U hê moet ek gaan, Here?"

"Nie vir jou om te weet nie, hou net aan loop."

Hier kom hy, weet nie waarheen hy gaan nie, hy loop net. Stap uit in die kamer in, hy kyk oral rond.

"Hou net aan loop, Simeon."

"Waarheen, Here?"

"Hou net aan loop." Ek sal sê! "Hou net aan loop."

"Wat moet ek doen?"

"Hou net aan loop, Ek sal jou lei."

205 Is jy gewillig om Hom dit te laat doen? Nie jou eie gedagte te neem nie, net Sy gedagte te neem. "Laat die gesindheid wat daar in Christus was, in julle wees." Moenie kritiseer, as jy dit nie kan verstaan nie, soek dit op in die Skrif en kyk of dit reg is of nie. Sien?

"Hou net aan loop."

206 Hy stap oor na hierdie ry vroue toe, miskien was daar drie of vierhonderd van hulle wat daar gestaan het, Ek sien hom in die ry afstap, "Here, dis vreemd, U het my eendag gesê, en U, die Heilige Gees op my, het my baie dinge laat weet. U het my nog nooit gefaal nie, ek weet nie wat U vanmôre van my wil hê nie, maar U het vir my gesê om net aan te hou loop, so hier is ek."

207 Geloop, naderhand, sodra sy oë op daardie vroutjie geval het, almal van hulle wat agter gestaan het, soos grenslyngelowiges, julle weet, wat agter aan die kant staan: "Dae van wonderwerke is verby," ensovoorts, maar julle weet, vir 'n honger hart wat gelei word deur God, hulle weet waar dit is wanneer hulle dit vind, hulle—hulle weet hulle het iewers gearriveer.

208 So Simeon, toe hy daarbo gekom het naby aan waar hierdie Baba was, kan ek net die ou wysgeër sien, en die groot, blink trane wat van sy bebaarde wange afdrup, en sy hand uitsteek, en daardie Baba in sy arms gryp, hy het opgekyk na die Hemel (O, wat 'n gevoel!), "Here, laat U dienskneg nou in vrede gaan, volgens U Woord, want my oë het U Verlossing gesien." Die einste Ding wat almal gekritiseer het, bespot het, dis U Verlossing. "Laat U dienskneg nou gaan in vrede, volgens U Woord, ek is nou gereed om te gaan, want my oë het U Verlossing gesien."

209 Ver agter in die hoek was 'n ou, blinde profetes, maar sy kon regdeur daardie mure sien, want sy was 'n profetes, sy het ook gewag op die vertroosting van Israel. En die Gees was op haar, blind, wat oorkant in 'n hoek gelê het, sy het opgestaan, die Heilige Gees moes gesê het: "Staan op, Anna."

210 Hier het sy deur die tempel gekom, fisies blind, maar sy kon baie verder sien as wat baie van hulle wat daar gestaan het met goeie oë, kon. O, dis die soort sig wat ek begeer! Hier kom sy, haar pad deur die gebou gevind, blind, en sy het net, reguit gekom na waar daardie Baba was. O, goeiste!

211 Sy het haar hande opgesteek en God geseën, Maria geseën, geprofeteer, net daar voor hulle, dat die Kind bestem sou wees vir 'n val en weer opstaan en baie in Israel, en alles, hoe 'n swaard ook die hart sou deurboor, en hoe die profete gesê het dit sou plaasvind.

212 Nou, as daardie ou, blinde vrou na daardie plek gelei kon word sonder natuurlike oë, om daardie Fontein gevul met Bloed te sien, hoeveel te meer behoort Hy in staat te wees om jou te lei na die kruis, vanaand, wat goeie sig het, om te sien met jou geestelike oog?

213 Moenie soek na die applous van die wêreld nie, jy sal dit nie kry nie, maar wees gewillig om jou aansien op te offer. Alles wat jy is, offer dit op vir die Koninkryk van God. Offer jou tyd op vir gebed, offer jou lewe op, offer jou kaartspel op, offer al die dinge van die wêreld op, gee dit oor aan die duiwel, laat hom dit kry, dit behoort aan hom, wandel jy met Christus.

214 Eenkeer, 'n paar jaar gelede, was daar 'n groot, Amerikaanse musikant wat 'n besoek aan Rusland gebring het, en hy het 'n overture in Moskou gespeel. En hulle het gesê dat hy dit met sulke briljantheid gespeel het, en so 'n groot genie as wat hy was, tot die gehoor by die duisende gestaan en uitgeroep, en hulle voet gestamp, en vir hom geskree het om weer te speel. En die seun het net daar gestaan, en hy het net *so* bly kyk. Wel, hulle, almal van hulle het begin wonder wat fout was met hom. Wou hy nie hulle applous ontvang nie? Hulle het almal toegejuig.

215 Dis wat die probleem vandag is, ons soek na iemand om ons op die skouer te probeer klop, te sê: "O, jy's *dit*, *dat*." Moenie daarna soek nie, die wêreld sal dit nooit doen nie. As die klop kom, sal dit op die hart wees deur die Here Jesus, julle sien. Moenie soek vir die wêreld om te sê: "O, Mev. Jones, sy's goed . . ." Nee, nee, moenie daarvoor soek nie, jy sal gekritiseer word.

216 "Almal wat goddelik lewe in Christus Jesus, sal vervolg word," onthou net. As dit nie kom nie, is daar iets verkeerd, iewers, gaan na, kom terug, kyk waar ons verlaat het.

217 Ons soek na iets om te sê: "Ons het . . . ons behoort aan die grootste organisasie in Pinkster. Ons behoort aan die *hierdie*, of ons behoort aan *daardie*." Sien? Moenie daarna soek nie, as jy dit doen, verlaat jy die reguit, smalle weg.

218 Hierdie man, hulle was, hulle het toegejuig, en geskree, en gesê: "Hy behoort 'n buiging te maak, dis reg: 'O, baie dankie aan julle almal. Baie dankie, almal. Ek sal 'n bietjie beter een speel hierdie keer.'" Maar hy het dit nie gedoen nie.

219 En hulle het gestop, almal het na mekaar gekyk, en hulle het almal weer hande geklap, en hulle voete gestamp. Maar die seun het nooit enige aandag gegee aan hulle wat hulle voete gestamp, of hulle hande geklap het nie. Hulle het toevallig opgelet, hy het sy oë gevestig gehad soos *daardie*, ver bo op die balkon. En hulle het daar opgekyk om te sien, sy ou leermeester het daarbo gesit, die ou meester van musiek. Hy wou weet wat *hy* daarvan gaan sê, hy het nie omgegee wat hulle gesê het nie, hy wou weet wat *hy* daarvan gesê het.

220 En ek dink dis wat ons behoort te dink in hierdie komende herlewing, laat ons nie dink aan wat die wêreld gaan dink nie, laat ons bly opkyk, en sien wat die Meester gaan sê, die Meester Wat ons die Heilige Gees gegee het, die Meester Wat ons geleer het om reg te lewe, die Meester Wat ons Sy Woord gegee het, die Meester Wat ons Sy Lewe gegee het. Laat ons lewe vir Hom Wat vir ons gesterf het, en nie enige aandag skenk aan die wêreld nie, maar kyk wat Hy daarvan sê.

221 Daarom, laat ons môre-aand kom met groot verwagtinge om die manifestasie te sien van God wat die siekes en beproefdes genees. Laat ons ons hoofde buig, net ’n oomblik.

222 Is julle onder verwagting, kerk? Verwag julle dat God Sy Gees sal uitstort? Is daar ’n sondaar hier wat graag wil begin, vanaand, opkom na die altaar, en sê: “Ek wil kniel, bid, Broer Branham, ek—ek verwag dat God my vanaand sal red, ek—ek het by daardie deur ingekom met daardie verwagting”? As jy hier is, kom.

223 Wat het jou by die deur ingelei, seun? Wat het jou by die deur ingelei, jong dame? Wat het dit gedoen? Wat het jou geruk uit daardie tienerskare van roekelose mense in die wêreld?

224 Toe ek nou die aand in die stad ingekom het, net soos, amper, ’n klomp bendelede wat hierbuite by ’n plek staan, motorfietsbaadjies aan, broeke halfpad afgetrek op hulle heupe, en party, genoeg hare soos daardie, meer as wat die vroue so bo-op hulle kop dra, wat daarbuite sit, en . . .

225 Wat gebeur met hierdie wêreld? Wat is die probleem? O, jong man, jong vrou, ruk jouself uit daardie kranksinnige stadium. Die Heilige Gees het julle hiernatoe gelei, vanaand. Steek julle hande op, en aanvaar Hom as julle persoonlike Verlosser, vanaand. Hy sal al jou sondes wegneem, en jou vreugde gee waarvan jy nog niks weet nie, totdat jy Hom aanvaar het. Jy hoef nie jonk te wees nie, die oues kan dieselfde doen.

226 In afsluitingsgebed, hoeveel wil graag onthou word in gebed, deur jou hand op te steek, en te sê: “Onthou my, Broer”? God seën julle. God seën julle, oral, dis goed, oral. Dis goed.

227 Het jy ’n versoek op jou hart? Sê: “God, ek verwag dat U my sal antwoord in hierdie herlewing. Ek het verlore kinders. Ek het ’n verlore pappa, moeder, broer, of suster, of geliefde, buurman, onthou hulle, Here.” Steek net jou hand op. Hy sal—Hy—Hy sal dit hoor, Hy sal dit weet. Net in jou hart, sê dit net. “Red hierdie geliefde.”

228 Nou, as jy jou hand opgesteek het na Hom, gaan haal dan daardie geliefde en bring hulle in. Bring hulle in, dis die manier. Bring hulle hiernatoe, sodat julle hulle na die Fontein kan bring, soos—soos Filippus gegaan en Natánael na die Here Jesus toe gebring het. Hy het vir hom gesê waar hy was, onder die boom, toe hy hom gekry het.

229 Ons Hemelse Vader, ons is bly, vanaand, vir die voorreg om in hierdie kerk te staan en vir die mense te bid. Ons is dankbaar vir U Woord, U Woord is Lewe, Here. En ek bid dat U die herlewing sal stuur waarvoor ons vra.

230 En nou, Here, vra ek U iets, persoonlik, self: Asseblief, Dierbare Hemelse Vader, plaas in die mense se hart ’n verwagting, laat hulle dit nooit vergeet nie, regdeur die aande, as ons sal voortgaan in die diens, mag hulle onthou vanaand, hulle verwag dit.

231 Ons kom elke aand. Sê: “Wel, dit het nooit gisteraand gebeur nie, maar ek sal dit môre-aand verwag, dit sal—dit sal môre-aand wees, ek sal die een wees. Ek sal die een wees wat die Heilige Gees ontvang. Ek sal die een wees, die eerste een by die altaar wat my sondes bely. Ek sal die eerste een wees wat God reinig en die hele wêreld uit my wegneem. Here, ek’s skaam vir my lewe, ek’s skaam oor wat ek gedoen het. Ek—ek wil hê U moet dit van my af wegneem, my *iets* so groot gee, Here, dat ek nie weer sal wil teruggaan in daardie vark rolplek nie, soos die Bybel duidelik sê: ‘Soos die sog terugkeer na haar rolplek, ’n hond na sy braaksel.’” En ons kan sien, Here, dat baie van ons Pinkstermense op dieselfde manier optree, opgekom uit die wêreld, en weer reguit teruggaan daarin.

232 God, asseblief, laat hulle nie dink, Here, ek probeer hulle uitskel nie, maar net probeer om die Skrif voor hulle te stel, hulle sal Daar bo-oor moet loop, Here, en Dit opsystoot om enigsins verder te gaan. Ek bid dat elke persoon, en ekself, en almal van ons, ’n inventaris van ons lewens sal neem, en dit vergelyk met God se vereiste. Skenk dit, Vader.

233 Vergewe ons ons sondes, vergewe ons ons foute en ons gebreke. Laat die Bloed van die Here Jesus hierdie kerkie reinig, vanaand. O God, mag elke persoon hierbinne ’n—’n aanraking van die Heilige Gees kry, sommer nou, Vader. Skenk dit. Laat Dit kom, doen dit asseblief, Here, en begin ’n herlewing net hier in hierdie stad. Skenk dit, Here.

234 Maak hierdie kerk ’n voorbeeld, ’n—’n voorbeeld kerk. En laat die mense van verskillende dele af kom en hier inkyk en sien hoe hulle gedrag is, en hoe hulle wegskram van die dinge van die wêreld, terug na die ware, regte, egte Pinksterpad van regte, egte Pinksterondervindings, wandel saam met U, onberispelik. Skenk dit, Here.

235 Dan sal ander kerke sien, hulle sal sê: “Wel, as die broer sy kerk so kan kry, en al daardie mense kan bymekaar wees, en hulle harte kan een wees, en—en hulle het ’n arm uit vir almal, en kyk watter verskil is daar in hulle!” Here, dan sal hulle honger en dors.

236 U het gesê: “Julle is die sout van die aarde, maar as die sout sy geur verloor het, is dit voortaan vir niks goed nie, behalwe

om uitgewerp te word, en onder die voete van mense vertrap te word." God, nie dat die mense my sou hoor nie, maak hulle ore toe as dit moontlik is, ek—ek wil dit sê, Vader: Ek kyk na hoe die Pinksterkerk raak, O God, wat heiligheid bely, en wat het ons geword? Sout wat sy geur verloor het.

237 God, bring die geur vinnig terug na die sout, dat dit kan kontak maak met hierdie verrottende wêreld, dat dit mag . . . Dis 'n geur as dit kontak maak, en dit het Lewe daarin, dit sal red. God, maak ons geure van die wêreld, skenk dit, Here. Plaas die geur in ons om die kerk te versterk, dat mense by hierdie deur mag instap en die krag van die opstanding van die Here Jesus sien beweeg onder die mense, wat Homself lewendig toon vir ewig.

238 Mag ons nie kyk na die applous van die mense, of die opinie van die mense, of veertigduisend in 'n diens om 'n herlewing te maak nie, O God, dit is nie 'n herlewing nie. Ek bid dat die Heilige Gees 'n houvas op 'n paar harte sal kry, en die kerk skud, en 'n ware Pinksterherlewing veroorsaak. Skenk dit, Here.

239 U het belowe om gebed te verhoor, en ek glo U sal, soos ek die diens aan U toevertrou, en die mense aan U, dat U ons gebede mag beantwoord, en ons begeertes vervul. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

240 Kom ons sing hierdie goeie ou lied van die kerk, ek hou net daarvan, dis een van my gunsteling liedere. Gee ons die akkoord: "Ek het Hom lief, ek het Hom lief omdat Hy my eerste liefgehad het, my verlossing gekoop het op Gólgota." Ken julle dit? [Broer Branham maak sy keel skoon—Red.] Verskoon my.

> Ek het Hom lief . . .

Nou laat ons aanbid, ons het 'n harde boodskap gehad, laat ons aanbid.

> . . . Hom lief
> Omdat Hy my eerste liefgehad het
> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota's boom.

241 Nou laat ons, terwyl ons dit weer sing, handskud, iemand voor jou, agter jou, ons is nog nie verdaag nie, skud nou net hand, terwyl ons sing. Skud hand met die Metodiste, met die Baptiste, met die Eenheid, met die Tweeheid, en met die Kerk van God, en die Gemeentes van God, en die Vierkant; ons is almal Vierkant. Laat ons—laat ons ons lyne oor enige denominasionele grens trek, en broers wees.

242 Ek sien hierbinne sit, vanaand, ek herken sommige, 'n Katolieke vriend, ek sien nog een, 'n Dunkard broer, Amish broer, en soos daardie wat hier sit, vanaand. Ons is almal een, deur een Gees drink ons almal uit een Fontein.

> Ek het Hom lief . . .
> Omdat Hy my eerste liefgehad het

En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

243 Nou, partymaal sny die woorde baie diep en hard, maar onthou, sien, ons is besny, dit sny die kwaste af, sien, ons is besny deur die Woord van God. En Dit sny, maar dis goed vir jou, vorm jou. Snoei 'n boom terug en dit sal beter dra, moenie te veel los lote daaraan laat uitloop nie.

244 Dis wat die probleem vandag is, ons het te veel los lote, wat na *hierdie* kant toe en na *hierdie* kant toe uitloop, te veel verenigings, en te veel *hiervan*, en te veel *daarvan*, laat ons terugkom na een ding, Gólgota, waar ons kan sing met ons hart. En hoe nederiger jy jouself maak. . .

245 Ek—ek hou net aan, ek probeer 'n saak hier ontduik, ek gaan dit sê. My laaste diens by Tucson, Arizona, drie of vier aande gelede, het ek die wit mense daar sien inkom, styf, Pinkster, styf soos hulle kon wees; ek het 'n paar arme ou Mexikane daar sien inkom, hulle was daar daardie oggend toe ek gepraat het by die oggenddiens, hulle het heeldag in daardie kerk gesit, van nege-uur daardie oggend tot, wel, dit was agtuur, omtrent sewe-uur, reken ek, of agt, toe hulle ingekom het, en hulle het gesit en reg daar in daardie kerk gebly tot daardie aand.

246 En toe dit tyd geword het, toe die Heilige Gees in die gebou ingeval het, wie is genees? Die Spanjaarde, die Mexikane. Die Heilige Gees wat reguit uitgaan deur die gehoor en die siekes en beproefdes oprig, en alles soos daardie, aanbring, Spaans, nederig. Gekom in afwagting daarvan, niks van die wêreld nie, net na Christus gekyk.

247 Ek was in Duitsland, net onlangs. Broer Arganbright, een van julle Kalifornië broers hier, die Christen Sakemanne, ek glo hy is sekretaris, of iets, of tesourier, *so-iets* in die Christen Sakemanne, een van hulle bestuurders, 'n baie goeie broer, hy's nie vanaand hier nie, of hy sou op die platvorm gewees het. Miner Arganbright is geweerloop reguit, hy's 'n goeie man, jy kan jou vertroue in Miner Arganbright plaas as 'n Christen. Ek was saam met hom in allerhande soorte dienste.

248 Hy het daardie aand daar gesit toe vyftien toordokters aan elke kant, die ding probeer wegblaas, en die storm daar sien oplig het, omtrent dertig of veertigduisend mense, daardie tent wat skud, daardie toordokters wat daardie veer geknip het, en dit na my toe wys, met daardie skêre, en daar deurgegaan en gesing het, en gesê hulle sou die storm roep, hulle het dit gedoen. Moet hulle nooit onderskat nie. So hulle het die storm geroep, gesê: "Ons sal dit wegwaai." En daardie yslike groot plek wat op-en-af beweeg soos *daardie*.

Ek het gesê: "Broer Arganbright, bid."

Ek het gesê: "Broer Lowster, moet dit nie tolk nie."

249 Ek het gesê: "Here God, ek het van daardie vliegtuig afgeklim nou die dag, in die Naam van die Here Jesus. U het vir my gesê U sal by my staan in die uur van probleme, U het my nog nooit gefaal nie, daarom, Here, hierdie skare is baie ontsteld, daar's honderde en duisende kommuniste wat hier sit," en daardie klein, blinde dogtertjie is so pas genees, ek het gesê: "Dis U, God, U kan daardie wolk beweeg, so ek bestraf daardie wolk."

250 God wat my Regter is, reg in die middel van die tent, het sy begin breek, wegrol soos *hierdie*, en binne minder as 'n minuut het die son geskyn, die donderweer wat so uitgebrul het, daar gestaan, ja.

251 En ek het die Switsers opgelet. Die Switsers het nooit enige probleme gehad nie, hulle is soos Amerikaners, goed, gevoed, goeiste, net so verwaand, as julle sal uitdruk-. . . , uh, verskoon die uitdrukking. "Ons is *So-en-so*. Ons is die Zwingliëte. Ons is—ons is Lutherane, ons hoef nie na daardie goed te luister nie." En daardie arme ou verdrukte Duitsers. Ons het 'n honderd-en-tagtig busvragte getel, daardie groot glas-dak busvragte, inkom na waar daar omtrent vyftigduisend bymekaar is daar in die groot arena.

252 En wanneer. . . Wat het gebeur? Toe die Heilige Gees begin val het, was almal daarbuite die Duitsers wat Hy geroep het. Hulle laat sit net waar hulle gesit het, steeds in hulle siekte, steeds in hulle sonde, net daar gesit, en die Duitsers genees wat gekom het met verwagtinge, en arms uit.

253 Hulle was tot so 'n mate onderdruk, daardie Christene daarbo onder Hitler en hulle, was tot 'n mate onderdruk dat hulle na God moes kyk vir genade. O, God weet hoe om dinge te doen.

254 Vriende, kyk, moenie dat dit julle is nie. Kom julle met verwagtinge, wees gereed. Lê elke klein lassie af wat jou so maklik omring, en kom met nederigheid van hart, in die verwagting dat God Sy Woord sal hou, Hy sal dit doen.

Ek het hom lief. . .

Laat ons nou net ons oë sluit, en ons hande opsteek.

. . . ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

Ek. . . (Dankie, Here.) . . . Ek het Hom lief
Omdat. . .

Sluit net jou oë en stel jou voor wat Hy vir jou gedoen het. Deur geloof lê julle hande op Sy Bloederige lokke, voel Sy pyne, Sy lyding.

My verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

Laat ons nou staan, op ons voete.

Ek het Hom lief, ek...

Aanbid Hom nou, steek net julle hande op, laat ons aanbid.

Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's...

255 Laat ons dit neurie vir Hom. Kyk oorkant na Gólgota: Die winde waai, Sy rug kleef aan die kruis, Bloed en spoeg oor Sy gesig. ek gaan deur geloof, Here, ek kyk na daardie spyker in U voete, en in U hande, ek sit my hande op daardie steekwond in U sy, ek—ek voel die skeur van die spykers. U het gesterf dat ek kan lewe, Here. Laat my myself verloor, Here. Laat my al my trots verloor, en al die dwaasheid in my lewe, laat my dit in my hart voel vanaand, Here, laat hierdie kerk dit in hulle hart voel. "My verlossing gekoop het op Gólgota."

256 U is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem, en ek is die een wat sondig is, neem my sondes weg. "O Lam van God, ek kom!" Ek kom bely my verkeerde, ek kom bely my foute, en ek bely dat ek nie waardig is om te lewe nie, maar, Here, laat my lewe vir Hom wat vir my gesterf het. Laat my al die dinge van die wêreld versaak dat ek gevind kan word, in Hom, 'n ware dienskneg.

257 Seën hierdie kerk, Vader, soos ons hierdie lied vir U neurie in dankbare harte, dit uit ons harte sing, U het gesê om melodie in ons harte te maak van die blydskap, omdat die olie van God se blydskap uitgestort is in ons siele.

Ek het Hom lief...

Nou, aanbid net in jou hart.

...ek het Hom lief
Omdat...(...?...)

61-0207 Verwagting
Eerste Gemeente Van God Van Long Beach
Long Beach, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org